

## HOOFSTUK 4

### KOMPONENTE VAN EN OORSIG OOR DIE STAND VAN ONDERWYSKOLLEGES IN SUID-AFRIKA

#### 4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die huidige stand van onderwyskolleges in Suid-Afrika, en daardeur ook die interne determinant van historiese aard bespreek. Ten einde die plek van die onderwyskollege in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel aan te dui, sal die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel as sodanig ten aanvang in breë trekke ontleed en beskryf word. Enkele fokuspunte wat in hierdie hoofstuk aandag sal ontvang, is die volgende:

- \* Die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel as nasionale onderwysstelsel en die onderskeie komponente daarvan.
- \* Historiese ontwikkeling van onderwyskolleges in die Republiek van Suid-Afrika.
- \* Stand van onderwyskollegs in Suid-Afrika wat soos volg ontleed sal word:
  - onderwysstelselbeleid ten opsigte van onderwyskolleges;
  - onderwysstelseladministrasie ten opsigte van onderwyskolleges;
  - die onderwyskundige struktuur ten opsigte van onderwyskolleges, en
  - ondersteuningsdienste en onderwyskolleges.

Enkele aspekte wat die verdere ontwikkeling van onderwyskolleges kan beïnvloed of fasiliteer, word ter afsluiting gegee. Hierdie aspekte kan as adissioneel tot die determinante beskou word, maar bevat inligting aangaande Suid-Afrikaanse omstandighede en word om daardie rede in hierdie hoofstuk gegee en kan as uitgangspunt vir sommige scenarios in hoofstuk ses dien.

## 4.2 DIE SUID-AFRIKAANSE ONDERWYSSTELSEL AS NASIONALE ONDERWYSSTELSEL

### 4.2.1 Nasionale onderwysstelsels

Die bestaan van 'n onderwysstelsel is 'n universele verskynsel (Dekker & Van Schalkwyk, 1989:3). Een van die belangrikste kenmerke van onderwysstelsels is waarskynlik dat dit 'n nasionale uniekheid besit. Kandel (aangehaal deur Stone, 1981:28), beweer dat: "It is important, therefore, as a means of appreciating and understanding the significance of a national system of education, to consider the bearing of a nation's character upon its education." 'n Nasionale onderwysstelsel ontstaan dus uit die kultuurgeskiedenis van daardie bepaalde land. Vanweë die kultuurverbondenheid van die onderwyshandeling kan ook beweer word dat die onderwysstelsel bogenoemde kultuurgeskiedenis terugkaats na die betrokke teikengroep. Só ontstaan patriotisme en word waardering vir die eie kultuur vasgelê. Stone (1981:73) beweer selfs dat 'n nasionale eenheidsgevoel sigbaar word in die eenheid van 'n nasionale onderwysstelsel of die gebrek daaraan in die gespletenheid daarvan. Dit is waarskynlik die rede waarom een van die eerste standpunte in die nuutste strategie vir onderwysvernuwing in Suid-Afrika die bevordering van nasionale eenheid deur middel van 'n nuwe onderwysstelsel is, sonder om basiese menseregte soos moedertaalonderrig, godsdiensvryheid en oordrag van 'n eie kultuur te verhinder (RSA, 1992a:17; vergelyk ook hoofstuk vyf).

Afgesien van die kultuur, is die uniekheid van elke onderwysstelsel ook toe te skryf aan die natuurlike omgewing waar die betrokke onderwysstelsel gestalte kry. Die omringende geskape werklikheid waar(in) die gebruikers van die onderwys hulle daaglik bevind, speel 'n belangrike rol in die vorm wat die onderwysstelsel uiteindelik gaan aanneem. Stone (1981:42) beskou selfs mense, sover dit hulle biotiese hoedanighede betref, byvoorbeeld ras, demografie, gesondheid of gestremdheid óók as deel van sodanige natuursy en vereenselwig hom met die uitspraak van Sadler, naamlik dat: "The things outside the

schools matter even more than the things inside the schools, and govern and interpret the things inside."

'n Verdere eienskap van alle onderwysstelsels is die dinamiese aard daarvan. Voortdurende verandering in die samelewing lei daartoe dat enige verantwoordbare onderwysstelsel voortdurend moet verander (Steyn, 1991:1). Uit die sosiopedagogiek is 'n legio bewyse van sodanige veranderende samelewings te vind. Pretorius (1988:98-130) verwys onder andere na die lewe-in-meervoud met gepaardgaande gebrekkige kommunikasie en selfs sogenaamde kontakinflasie van die moderne samelewing. Universeel geldende en bewese wesenskennerke van pedagogiese en didaktiese situasies moet in 'n vorm gegiet word wat die veranderende samelewing verreken want: "Die onderwyshandeling wat binne die onderwysstelsel plaasvind, vorm 'n integrale deel van die menslike bedrywighede" (Barnard, 1984:170). Onvermydelike en voortdurende verandering van nasionale onderwysstelsels is die gevolg.

Alle onderwysstelsels vertoon ook 'n strukturele identiteit. Menslike bedrywighede word in bepaalde samelewingsverbande voltrek. Volgens Stone (1981:122) vertoon die struktuur van 'n onderwysstelsel 'n vervlegting van verskeie samelewingsverbande. Die funksionering van samelewingsverbande wat direk by onderwys betrokke is of daarby belang het, stel volgens Van Schalkwyk (1981:81) se siening die struktuur van 'n onderwysstelsel daar. Onderwysvoorsiening in 'n bepaalde staatsgebied word só op unieke wyse, en met inagneming van aspekte soos kultuur, natuur en die samelewing, beïnvloed.

Optimale onderwys, opleiding en selfs opvoeding word aan alle gebruikers van die onderwys in die bepaalde staatsgebied verseker. Ruperti (1977:4) vereenselwig haar met hierdie standpunt wanneer sy beweer dat die staat in die vormgewing van die struktuur van die onderwysstelsel 'n belangrike rol speel. Dit word verder beweer dat die verskaffing van onderwys, soos ook handhawing van wet en orde en gesondheidsdienste immers een van die dienste is wat deur die staat voorsien word. Die taak van die owerheid is om toe te sien dat die nodige onderwysgeleenthede daar is, hulle desnoods self te skep en hulle te koördineer of te laat koördineer (*Ibid.*).

Steyn (1991:4) verwys na drie konsepte wat in die meeste definisies van onderwysstelsels beklemtoon word, naamlik:

- \* die raamwerk of struktuur;
- \* die hoofsaak, naamlik opvoedende onderwys, en
- \* die gemeenskap woonagtig in 'n bepaalde staatsterritorium as teikengroep.

Dit blyk uit bogenoemde dat die volgende definisie van 'n onderwysstelsel daargestel kan word:

Die onderwysstelsel is 'n **logistieke** of voorsieningsstruktuur met 'n eie **identiteit** wat daargestel is om, deur doeltreffende opvoedende **onderwys**, aan die **onderwysbehoefes** van al die mense in 'n bepaalde **staatsgebied** te voorsien.

Na aanleiding van bogenoemde definisie kan gesê word dat die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel 'n logistieke struktuur vertoon, waarin daar op grond van verskillende groepe mense se onderwysbehoefes samewerking plaasvind. Hierdeur word doeltreffende onderwys aan al die inwoners van Suid-Afrika verseker.

Die komponente van 'n onderwysstelsel soos reeds in hoofstuk twee bespreek is (vergelyk paragraaf 2.4), word hier slegs weer aan die orde gestel ten einde die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel kortliks te kan beskryf.

#### **4.2.2 Onderwysstelselbeleid**

Die onderwysbehoefes van die betrokke gemeenskap dien as basis vir die onderwysstelselbeleid vir daardie gemeenskap. (Vergelyk paragraaf 2.4.1.) Insgelyks is onderwysbehoefes die vertrekpunt vir die daarstelling van onderwysstelsel doelstellings en -doelwitte.

In die nuutste onderwysvernuwingstrategie van die Departement van Nasionale Opvoeding word die volgende elf beginsels vir

onderwysvoorsiening voorgestel, wat as doelstellings van die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel dien (RSA, 1992a:16), naamlik:

- \* Gelyke onderwysgeleenthede, met inbegrip van gelyke onderwysstandaarde, moet vir alle leerders beskikbaar wees.
- \* Daar moet voldoende balans tussen gemeenskaplikheid en diversiteit in die onderwys wees.
- \* Individuele leerders moet keusevryheid geniet.
- \* Die kurrikulum moet relevant wees en rekening hou met die mensekragbehoefte van die land.
- \* Daar moet 'n positiewe skakeling tussen formele en nie-formele onderwys wees.
- \* Daar moet 'n aanvaarbare verhouding tussen staats- en ouerverantwoordelikheid vir formele onderwys bestaan.
- \* Sowel die staat as die private sektor is verantwoordelik vir nie-formele onderwys.
- \* Daar moet voldoende staatsteun vir private onderwys wees.
- \* Daar moet 'n gesonde balans tussen administratiewe sentralisasie en desentralisasie wees.
- \* Erkenning van die professionele status van opvoeders is noodsaaklik.
- \* Onderwysvoorsiening moet op voortgesette navorsing berus.

Die hoogste wetgewende liggaam in Suid-Afrika is die parlement. Ook onderwyswette word hier gepromulgeer en onderwysstelselbeleid word sodoende daargestel. Verdere besonderhede, ten einde genoemde wette prakties uitvoerbaar te maak, verskyn in sogenaamde regeringskennisgewings (Ruperti, 1977:49). Departementele regulasies is 'n vorm van onderwysstelselbeleid wat op die tweede vlak van wetgewende gesag aangetref word en deur middel van omsendskrywes of -minute bekend gemaak word. Die wyse waarop onderwysstelselbeleid tot op die laagste vlakke uitgevoer behoort te word, word só bekend gemaak.

### **4.2.3 Onderwysstelseladministrasie**

Die essensies van wat onderwysstelseladministrasie behels, is reeds in hoofstuk twee aangedui. (Vergelyk paragraaf 2.4.2.) In die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel word verskeie administratiewe organe op die makrovlak aangetref soos die Departement van Nasionale Opvoeding, Departement van Onderwys en Opleiding en die voormalige Departemente van Onderwys en Kultuur met hul onderskeie uitvoerende hoofde en gepaardgaande administratiewe personeel. Die Wet op Nasionale Beleid vir Algemene Onderwysake (Wet no. 76 van 1984) reël algemene onderwysake soos finansiering, diensvoorwaardes en registrasie van onderwysers en norme en standaarde. Werksaamhede van die onderskeie voormalige Departemente van Onderwys en Kultuur, naamlik Volksraad, Raad van Afgevaardigdes en Raad van Verteenwoordigers is weer as eie sake gereël deur die Wysigingswet op die Nasionale Onderwysbeleid, Wet no. 103 van 1986 (Scott & Beckmann, 1988:43, 49; RSA, 1986). Die Wet op Onderwys en Opleiding, Wet no. 90 van 1979, het in 1980 in werking getree, en daardeur is gepoog om die administrasie van onderwys vir swartmense in ooreenstemming met die ander onderwysdepartemente te bring (Barnard, 1988:42).

### **4.2.4 Onderwyskundige struktuur**

Ten einde die onderwyskundige struktuur van die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel te beskryf, kan van die elemente, soos in paragraaf 2.5.3 beskryf, gebruik gemaak word. Sodanige beskrywing val, indien die volle omvang van Suid-Afrikaanse onderwys daardeur weergegee word, buite die terrein van die onderhawige studie. Daarom word volstaan met 'n beskrywing van slegs die struktuur van die leergeleenthede in die onderwyskundige struktuur van die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel, ten einde daardeur die nis (plek en taak) van onderwyskolleges aan te dui. Alle aspekte van die onderwyskundige struktuur waarby onderwyskolleges betrokke is, word egter ook in paragraaf 4.4 aangespreek.

Onderwys in Suid-Afrika word op vier vlakke aangebied, naamlik die preprimêre, primêre, sekondêre en tersiêre vlakke. Die skoolgaande gedeelte omvat ook vier vlakke van drie jaar elk en kan voorgestel word soos in die figuur 4.1.

- \* Preprimêre onderwys behels voorskoolse onderwys en is in Suid-Afrika nie verpligtend nie. Preprimêre skole bestaan ook meestal afsonderlik van primêre skole en neem kinders vanaf die ouderdom van drie jaar tot skooltoetrede in. Die preprimêre skool vul die ouerhuis aan en gevolglik is kontinuïteit en skakeling tussen ouerhuis en preprimêre skool van uiterste belang (Barnard, 1984:31).
- \* Primêre onderwys is slegs vir blanke kinders in Suid-Afrika verpligtend vanaf die begin van die jaar waarin die kind sewe jaar oud word. Ander bevolkingsgroepe sal waarskynlik in 'n nuwe staatkundige bedeling, wat vanaf April 1994 beslag behoort te kry, ook aan verpligte primêre onderwys onderworpe wees. Alle primêre onderwys is algemeen, fundamenteel grondliggend en voorbereidend van aard, en word in twee fases van drie elk verdeel, naamlik drie jaar junior primêre onderwys (skooljare 1 tot 3 of graad 1 /substanderd A tot standerd 1) en drie jaar senior primêre onderwys (vanaf standerd 2 tot standerd 4) (Barnard, 1984:32).

**FIGUUR 4:1**

**Skoolpatroon van Suid-Afrikaanse onderwysstelsel** (Pretorius, 1985:165; Barnard, 1984:36)

SKOOLVLAK	SKOOLJAAR	SKOOLFASE
Sekondêre Skool	Standaard 10	Senior sekondêre fase
	" 9	
	" 8	
	" 7	Junior sekondêre fase
	" 6	
Primêre Skool	" 5	Senior primêre fase
	" 4	
	" 3	
	" 2	Junior primêre fase
	" 1	
	Graad ii	
	" i	

- \* Sekondêre skole word bygewoon vanaf gemiddeld dertienjarige ouderdom tot ongeveer agtien. Sodanige onderwys begin reeds by standaard 5 hoewel die kind gedurende daardie betrokke jaar steeds die primêre skool bywoon. Die eerste jaar van die sekondêre skool (junior sekondêre onderwys) word dus steeds in die primêre skool geakkommodeer. Een van die belangrikste redes daarvoor is om wisseling tussen die twee skoolfasies vir die kind te vergemaklik. Sodoende sal die kind se behoefte aan geborgenheid steeds bevredig word (Pretorius, 1985:165). Aan die begin van standaard agt word die senior sekondêre fase betree. Dit strek tot standaard tien. Blanke, Indiër en Kleurlingkinders word wetlik verplig om skool by te woon tot aan die einde van die jaar waarin hulle die ouderdom van sestien bereik. Ouers van swart sekondêreskoolleerlinge besef in toenemende mate die belangrikheid van sekondêre skoolopleiding (Barnard, 1984:38) en moedig hul kinders aan om sover as moontlik daarmee te vorder. Afhangende van die keuse van vakke is daar verskeie studierigtings in die sekondêre skoolfase moontlik.

- \* Tersiêre onderwys is hoofsaaklik ingestel op beroepsopleiding en vind onder andere plaas by kolleges, teknikons en universiteite. Onderwyskolleges ressorteer ook onder hierdie groepering van tersiêre opleiding. Besonderhede, soos toelatingsvereistes tot onderwyskolleges, leerdergetalle, onderriggewers, onderrigmedium en fisiese fasiliteite in die geval van onderwyskolleges word in paragraaf 4.4.3 verder uiteengesit.

#### **4.2.5 Ondersteuningsdienste**

Bykomende gespesialiseerde dienste word ter ondersteuning van die normale skoolprogram aangebied. As voorbeelde van sodanige twee kategorieë ondersteuningsdienste kan die volgende genoem word (Van Schalkwyk, 1981:199-212; Steyn, 1991:44,45; RSA, 1993b:97):

##### **4.2.5.1 Aan die leerders**

- \* Opvoedkundige hulpdienste

Dit sluit in ortopedagogiese, ortodidaktiese, sosiopedagogiese beroepsoriënterings, spraakterapeutiese en arbeidsterapeutiese hulpdienste. Op die mikrovlak speel departementshoofde vir opvoedkundige leiding by skole onder beheer van die drie Departemente van Onderwys en Kultuur, en in die geval van die Departement van Onderwys en Opleiding die voogonderwyser of skoolvoorligter, 'n belangrike rol. By laasgenoemde onderwysdepartement word ook van die sogenaamde PIDA-model (Panels for Identification, Diagnosis and Assistance) gebruik gemaak. Daardeur word multiprofessionele hulpverlening aan leerlinge en ouers gebied en dit vorm 'n integrale deel van die skoolprogram.

\* Onderwysmediadiens

Elke onderwysdepartement beskik oor 'n uitgebreide mediadiens. Deur die verskaffing van relevante boeke word bygedra tot die onderrig en word 'n leeskultuur by leerders gevestig. In die Departement van Onderwys en Opleiding word tans oorweeg om 'n biblioteek- en mediadiens tot op streekvlak te vestig sodat hierdie diens tot op plaasskoolvlak aangebied kan word.

\* Skoolreisdiens

Vervoer van leerders na ander plekke as dié waar onderrig normaalweg plaasvind, is 'n omvangryke taak in alle onderwysdepartemente.

\* Skoolmusiekdiens

Jeugkore en orkeste word in al die onderwysdepartemente aangetref en word selfs in die Departement van Onderwys en Opleiding uitgebrei om danse (modern en tradisioneel) in te sluit, om sodoende geleentheid tot kulturele ontwikkeling van die leerders te bied.

\* Mediese en tandheelkundige diens

Fisieke gesondheid van leerders word verseker deur hierdie ondersteuningsdiens.

\* Leerlinghuisvesting

Voorsiening van koshuis-akkommodasie aan leerders uit verafgeleë gebiede geniet veral in die Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Volksraad baie aandag.

\* Buitelugopvoeding

Verskeie terreine vir die opvoeding van leerders in buitelugomstandighede, word deur alle onderwysdepartemente beheer en bestuur.

#### 4.2.5.2 Aan die onderriggewer

\* Kurrikulumdiens

Kurrikulumontwikkeling word deur die Komitee vir pretersiële akademiese beleid (KOPAB) van die Komitee van onderwysdepartementshoofde (KODH) ondemeem. Alle onderwysdepartemente beskik oor kurrikulunkomitees wat by bogenoemde werksaamhede inskakel.

\* Eksamendiens

Eksterne eksamens word deur alle onderwysdepartemente aan die einde van die matriekjaar afgeneem. In die geval van die Departement van Onderwys en Opleiding bestaan daar ook nog eksterne eksamens vir private kandidate aan die einde van standerd vyf, agt en tien jaar asook vir kandidate wat aan tegniese kolleges afstudeer.

\* Onderwysmediadiens

Ondersteuning met betrekking tot die integrering van die biblioteek en ander onderrigmedia in alle vakke word deur sodanige diens in die onderskeie onderwysdepartemente gelewer.

\* Vakadvies en professionele diens

Persone met wye ervaring op 'n besondere vakgebied besoek onderriggewers gereeld om alle fasette van die onderrig van die besondere vak te bevorder. Dit word aangevul deur

indiensopleiding en oriënteringskursusse en kommunikasie deur middel van omsendskrywes.

\* **Kommunikasiediens**

Aangesien dit van uiterste belang is om onderriggewers op hoogte te hou van diensvoorwaardes en ander beheermaatreëls, maar ook om 'n kanaal daar te stel om griewe te lug, beskik elke onderwysdepartement oor so 'n ondersteuningsdiens. In die geval van die Departement van Onderwys en Opleiding word van 'n Personeelkommissaris gebruik gemaak. Sodanige persoon tree onafhanklik van daardie betrokke departement en vanuit 'n afsonderlike kantoor op. Onderriggewers kan direk met hom skakel. Om interne kommunikasie te verbeter, word daar ruim van omsendskrywes gebruik gemaak. Ter wille van interne én interne kommunikasie word tydskrifte gereeld gepubliseer, soos onder andere *Die Onderwysbulletin* en *Kurri-Komm* van die Transvaalse Onderwysdepartement, en *Educamus* en *Focus on Education* van die Departement van Onderwys en Opleiding.

## **4.3 HISTORIESE ONTWIKKELING VAN ONDERWYSKOLLEGES IN SUID-AFRIKA**

### **4.3.1 Die jare 1740 tot 1900**

Die heel eerste pogings wat in Suid-Afrika aangewend was om onderwysers op te lei, was die sogenaamde ambagonderwyserstelsel wat in 1790 aan die Kaap geïnisieer is, of soos Du Toit (1975:54) dit noem "Kwekeling onderwysers". Die Here XVII het toestemming verleen dat onderwysers uit Holland na Suid-Afrika mag kom ten einde ander onderwysers op te lei (Behr, 1988:152). Dit was slegs enkele jare na die instelling van 'n soortgelyke vakleerlingskap vir kwekelingonderwysers in sekere Europese lande. (Vergelyk paragraaf 3.2.) Sodanige stelsel van ambagonderwysers het op daardie stadium nog nie bewese sukses gehad nie. Daarom het die invoer van onderwysers uit Nederland, en met die oog op Somerset se verengelsingsbeleid natuurlik ook uit Engeland, meer

steun geniet om alle onderwysersopleiding aan die Kaap te behartig (Du Toit, 1975:45-47).

'n Stelsel van onderwysersopleiding aan 'n bepaalde inrigting wat spesifiek vir dié doel gestig is, het dus nie gerealiseer nie. Pogings is wel in 1840 aangewend om 'n Instituut vir die opleiding van onderwysers aan die Kaap te stig. Omdat dit nie primêr ingestel was op die inisiële opleiding van onderwysers nie, maar ook ten doel gehad het om liberale idees aangaande onderwys in die gemeenskap te laat posvat, is die deure van hierdie instituut weer in 1860 gesluit (Beckmann, 1989:178). In stede daarvan is die opleiding van kwekelingonderwysers op 'n vakleerlingbasis weer hervat en het later selfs gelei tot toekenning van die Elementêre Onderwysersertifikaat (Du Toit, 1975:76; Behr, 1988:153).

In 1878 is die eerste normaalskool aan die Kaap gestig. Die benaming "normaalskool" kan volgens Wragg (1985:3005) juis teruggevoer word na die verskynsel dat die kwekeling-onderwyser slegs een bepaalde onderwysstyl van die leermeester moes aanleer. Deur streng navolging is die voorgeleefde onderrigmetodes ingeprent as die enigste norm en is die "normale" manier van skoolhou só oorgedra. Volgens die *Dictionary of Education* (Good, 1978:369) beteken die term "normal school" die volgende: "Institution for the education of teachers, ... with a program including common school subjects: after 1900 became higher institutions, but did not grant degrees... ." Engelbrecht (1989:9) lei hieruit af dat normaalskole oftewel onderwyskolleges 'n normatiewe karakter het. Dit is dus nie vreemd dat die Nederduits Gereformeerde Kerk en die destydse Departement van Onderwys aan die Kaap gesamentlike beheer oor hierdie Kaapse Normaalkollege uitgeoefen het nie. Op hierdie wyse is die eerste onderwysers uit eie bodem aan 'n opleidingsinrigting opgelei en het hulle die Middel Klas Sertifikaat behaal (Behr, 1988:154).

Die kwekelingstelsel vir onderwysersopleiding is aansienlik uitgebrei. Skole waar onderwysers op die betrokke manier opgelei is, is omgeskakel na opleidingsinrigtings en normaalkolleges, soos Wellington, Paarl, Robertson en Grahamstad het later daar ontstaan. Die Normaalkollege in die Kaap is die Suid-Afrikaanse Kollege genoem en is

in ongeveer 1916 omskep in die Departement van Opvoedkunde van die Universiteit van Kaapstad (Du Toit, 1975:85).

Hoewel die Suid-Afrikaanse Kollege as die eerste normaalkollege beskou is, het die opleiding van Kleurling en swart onderwysers lank voor 1878 'n aanvang geneem maar die inrigting waar die opleiding plaasgevind het, is net nie 'n normaalkollege genoem nie. 'n Sendeling, Eerwaarde Govan het teen 1863 reeds meer as 20 onderwysers by Lovedale in die Oos-Kaap opgelei (Horrel, 1964:7). Opleiding van onderwysers in die Wes-Kaap was op dieselfde lees as die Suid-Afrikaanse Kollege geskoei, maar het plaasgevind onder beskerming van die Morawiese Sendinggenootskap. Die inrigting het bekend gestaan as die Genadendalse Kweekskool aangesien opleiding daar ook deur sendelinge verskaf is en 'n komponent van teologiese opleiding behels het. Wat die onderwysopleiding betref, is ook die kwekelingstelsel gevolg en word Genadendal as 'n mylpaal in die Suid-Afrikaanse onderwysgeskiedenis geag aangesien daar op daardie stadium geen soortgelyke inrigting in Suid-Afrika was nie en normaalkollege-opleiding maar pas in die Europese lande begin is. Daarbenewens is bevind dat die samewerking enersyds tussen skool en kerk en andersyds tussen blank en nie-blank op geen ander plek so goed was nie (Behr, 1975: 471).

#### **4.3.2 Die jare 1900 tot 1968**

Met die verloop van tyd, sedert die stigting van die eerste Normaalkollege in die Kaap in 1878, het die standaard van onderwyskollegeopleiding vir blankes verhoog. Dit spreek uit die feit dat 98% van alle praktiserende blanke onderwysers teen 1929 opleiding aan onderwyskolleges ondergaan het (Du Toit, 1975:115). Die aanbod van onderwysstudente het ook die vraag na onderwysers oorskry, en 'n stelsel van keuring vir toelating kon ingestel word, wat ook verhoging in standaard in die hand gewerk het.

Teen 1920 is die kwekelingstelsel van onderwysersopleiding vir beide blankes en kleurlinge uitgefaseer en is die Rynse Onderwysersopleidingskool te Worcester gestig waarheen die Genadendal-opleiding ook verskuif het. Terselfdertyd het die Kaapse

Departement van Onderwys vier ander Kleurlingkolleges opgerig, naamlik Zonnenbloem te Kaapstad, Perseverance te Kimberley, die Wesley-kollege in Soutrivier en die Dower Memorial College in Uitenhage (Behr, 1975:473).

In 1939 is hewige kritiek deur dr. E.G. Malherbe op die diploma-opleiding van onderwysers uitgespreek aangesien hy van mening was dat dit meer akademies georiënteerd en van 'n hoër standaard moes wees en aan 'n universiteit moes geskied. Die gevolg was dat onderwyskollegeopleiding, wat bogenoemde aspekte betref aansienlik uitgebrei is, wat weer op sy beurt daartoe gelei het dat die kleiner kolleges wat die nuwe standaarde nie as klein instansie kon handhaaf nie moes sluit. Voorbeelde van sodanige sluitings is Uitenhage in 1930, Kimberley en Cradock in 1931, King Williams Town in 1949 en Steynsburg in 1950 (Du Toit, 1975:115).

In die Oranje-Vrystaat en Transvaal was daar, in daardie stadium, ook "... 'n skreiende gebrek aan deeglik opgeleide onderwysers" (Van Schoor, 1975:166). Vanweë die wydverspreidheid van die Voortrekkerbevolking en hul nomadiese leefwyse, is selfs van 'n stelsel van rondgaande of huisonderwysers gebruik gemaak. Die persoonlikheid en integriteit van sodanige onderwysers het soms veel te wense oorgelaat en van opleiding was daar in baie gevalle geen sprake nie. "Sommiges kon geen sukses van 'n ander beroep maak nie, en het dan as 'n laaste wanhoopsparing by plaaseienaars aangeklop, en aangebied om onderwys aan hul kinders te verskaf." (Barnard, 1986:42.) Die probleem van leerkragte van twyfelagtige karakter en hul swak (of geen) opleiding is gedeeltelik opgelos deur die invoer van Engelse onderwysers uit alle dele van die Britse Koninkryk in die jare na die Tweede Vryheidsoorlog. Hoewel die Normaalskool vir onderwysopleiding in 1898 in Bloemfontein gestig is, kon die tekort aan onderwysers nie vinnig genoeg daardeur uit die weg geruim word nie, en is steeds gebruik gemaak van (Engels georiënteerde) onderwysers uit die Kaap. Tot op daardie stadium was die Bloemfonteinse instansie as 'n normaalskool vir die ondersteuning van kwekelingonderwysers bedryf, en is dit in 1902 vir die eerste keer as 'n sogenaamde "doserende onderwyskollege" ingerig (waar inisiële

opleiding voorsien is) toe 26 studente vir aanvanklike opleiding ingeskryf is (Van Schoor, 1975:179, 195).

Terselfdertyd is twee volwaardige onderwyskolleges in Transvaal gestig, naamlik in Pretoria en Johannesburg. Die twee is in 1903 saamgevoeg en het bekend gestaan as die Transvaalse Normaalkollege met Pretoria as standplaas en Sir John Adamson as prinsipaal. Adamson het in 1905 direkteur van onderwys geword, en onder sy leiding is die standaard van opleiding aan onderwyskolleges verhoog en is die aantal instansies ook aansienlik uitgebrei (Barnard, 1985:103). Die Pretoriase en Johannesburgse onderwyskolleges is byvoorbeeld in 1909 weer geskei en nog een is in Heidelberg gestig. 'n Stelsel waar onderwysstudente praktiese onderwys aan skole afgelê het, is uitgebrei met die instelling van sogenaamde "oefenskole" (Coetzee, 1975:310). Samewerking tussen die Normaalkollege Pretoria en die destydse Transvaalse Universiteitskollege (die huidige Universiteit van Pretoria) is verstewig. Die standaard van onderwysersopleiding was in daardie stadium vergelykbaar met die bestes in die Westerse wêreld: "A system of teacher education was thus instituted in the Transvaal, which by 1910 stood comparison with the best in the Western World at the time." (Behr, 1988:158.) In 1919 is twee verdere normaalkolleges naamlik in Potchefstroom en Ermelo geopen. Die een op Ermelo is weer in 1924 gesluit aangesien die tekort aan onderwysers genoegsaam opgelos is. Terselfdertyd is 'n opleidingsentrum in Vrededorp, Johannesburg geopen waar aanvanklik middelbare onderwys aan Kleurling- en Indiëronderwyskandidate verskaf is, ten einde hulle voor te berei vir verdere onderwysersopleiding (Behr, 1975:475).

Die eerste formele onderwys aan blankes in Natal is ook, soos in die geval van opleiding van swart onderwysers (Horrel, 1963:3; Behr, 1975:421-427; Barnard, 1986:17), deur sendelinge behartig. In 1849 het 'n "Skoolkommissie", wat deur die Luitenant-Goewerneur van die destydse onafhanklike Natalse kolonie aangestel is, aanbeveel dat 'n onderwysersopleidingskool gestig word om in die groeiende vraag na onderwysers vir die gebied te voorsien (Buys, 1975:229). Daar is nie op die aanbeveling ag gegee nie, en daar is voortgegaan om onderwysers uit die Kaapkolonie, of so nie direk uit Engeland en Skotland in te voer.

Sodanige ingevoerde onderwysers het 'n aanpassingskursus aan die ou staatskool te Pietermaritzburg deurloop waarna hulle uitgeplaas is om skool te hou en tegelyk plaaslike kwekelingonderwysers op te lei.

In 1908 is begin met opleiding van blanke onderwysers aan die Natalse Opleidingskollege. In 1926 is standarde dermate verhoog dat die kursus met 'n jaar verleng is, en strenger keuring vir toelating toegepas is (Behr, 1988:164). Mettertyd is nog 'n verdere twee onderwyskolleges gestig. Die Durbanse Onderwyskollege is in 1957 geopen en was vir die eerste paar jaar 'n dubbelmediuminrigting. Later is opleiding slegs in Afrikaans verskaf maar klasse word vanaf die begin van 1991 weer in beide ampstale aangebied. *Edgewood College of Education* is in 1968 in Pinetown gestig (Le Roux, 1980:16). Wat die voorsiening vir Kleurling- en Indiëronderwysersopleiding in Natal betref, is eers in 1946 'n begin gemaak met die Sastri-kollege en die Opleidingskollege in Umbiloweg, Durban en later opgevolg deur die *Springfield College of Education* (Behr, 1975:475).

Volgens Bamard (1988:16) was die opleiding van swart onderwysers vanaf 1850 tot omstreeks 1909 dieselfde as vir blankes in dié sin dat skoolastiese standarde ewe laag was. Toe die toelatingsvereistes vir blankes in 1909 tot standerd sewe verhoog is, was onderskeid tussen die kursusse vir blankes en swartes onafwendbaar aangesien standarde verhoog kon word met voorafgaande verhoging in toelatingsvereistes. Die *South African Native College* is in 1916 in Oos-Kaapland, waar die huidige Universiteit van Fort Hare is, gestig. In Transvaal is die reeds genoemde kwekelingstelsel ook vir swart onderwysersopleiding met sukses gevolg. Met die geleidelike verhoging in standarde is uiteindelik in 1929 die punt bereik waar twee opleidingsinrigtings vir swartmense, naamlik te Stoffberg (aanvanklik Botshabelo genoem) en Modderfontein gestig is. Eksamens vir die onderwyssertifikaat kon by beide hierdie instansies afgelê word (Horrel, 1964:21). Nadat die Wet op Bantoe Onderwys van 1953, op grond waarvan beheer oor swart onderwys vanaf die provinsies na die sentrale regering oorgedra sou word, aanvaar is, het die swart onderwyskolleges vermeerder tot 25 in 1969.

### 4.3.3 Die jare sedert 1968 tot tans

In 1970 is 11 van die oorspronklike swart onderwyskolleges vanweë staatkundige veranderinge na die toenmalige onafhanklike state en selfregerende gebiede oorgeplaas sodat die Departement Onderwys en Opleiding in 1993 in beheer van 13 onderwyskolleges was. Met die volgehoue toename in getalle van die swart skoolbevolking het die tekort aan onderwysers met die minimum kwalifikasie van drie jaar opleiding na standaard tien onrusbarend toegeneem. Volgens 'n berig in die *Natal Mercury* (aangehaal deur Behr, 1988:177) was die syfer vir sodanige ondergekwalfiseerde swart onderwyspersoneel (met minder as matriek plus drie jaar opleiding) in 1986 negentig persent. Die stand van onderwysersopleiding op die platteland bied die meeste rede tot kommer. In 1987 is bevind dat slegs een persent van alle swart onderwysers in plattelandse skole oor matriek plus twee of drie jaar opleiding beskik (Bot, in Hofmyer & Jaff, 1992:172). Die situasie het intussen aansienlik verbeter. Hoewel 55,7% van alle onderwysers in 1989 in die voormalige selfregerende gebiede steeds nie oor 'n kwalifikasie van minstens matriek plus drie jaar opleiding beskik het nie, het die syfer in skole onder beheer van die Departement van Onderwys en Opleiding, te danke aan suksesvolle indiensopleidingsprogramme (*INSET*), gedaal tot slegs 23% (NEPI, 1992a:23). Die Departement Onderwys en Opleiding is tans in beheer van dertien onderwyskolleges vir swart mense en 'n veertiende wat as 'n Kollege vir Verdere Opleiding bedryf word (RSA, 1993b:151). Daarbenewens is daar in die voormalige onafhanklike state (Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei) en die voormalige selfregerende gebiede 'n verdere 35 onderwyskolleges (RSA, 1993b:319). Afgesien van die voordiensopleiding bied meeste swart onderwyskolleges ook indiensopleidingskursusse, geïnisieer deur die Departement van Onderwys en Opleiding, aan praktiserende onderwysers aan. Deur sodanige programme word pogings aangewend om teen die jaar 2000 'n onderwyser tot leerling verhouding van 1 tot 35 in alle swart skole te bereik (RSA, 1987:80).

Opleiding van onderwysers het tot 1968 op uiteenlopende grondslag ontwikkel. Vele tersiêre instansies het een of ander kursus vir onderwysersopleiding ingestel: "There were 33 institutions which offered

teacher training courses. They comprised 9 universities, 16 colleges of education which were controlled by 4 provincial education departments, 4 semi-autonomous technical colleges and 4 other institutions controlled by the Department of Higher Education." (Le Roux, 1980:78.) Dit het gelei tot die aanstelling van die Gericke-kommissie van Onderzoek na Onderwysersopleiding vir blankes in Suid-Afrika in 1968 (Behr, 1988:173). Die opdrag aan die kommissie was om aanbevelings in verband met die koördinerende van onderwysersopleiding in Suid-Afrika te maak. Die belangrikste aanbevelings van die kommissie is in wetgewing, naamlik die Wysigingswet op Nasionale Onderwysbeleid, Wet nr. 73 van 1969 vervat. Die Van Wyk de Vries-kommissie van ondersoek na die Universiteitswese het ernstige kritiek oor veral die uitvoerbaarheid van sogenaamde "noue samewerking" tussen universiteite en onderwyskolleges wat in genoemde wet voorgestel word, uitgespreek (Le Roux, 1980:101). Aangesien dit aspekte van onderwysstelselbeleid en administrasie is wat vandag steeds vir Blanke onderwyskolleges geld, sal dit in 'n volgende paragraaf bespreek word. (Vergelyk paragraaf 4.4.1.)

#### **4.4 DIE STAND VAN ONDERWYSKOLLEGES IN SUID-AFRIKA**

Le Roux (1976:14) het reeds in 1976 beweer dat daar 'n wêreldwye neiging tot herwaardering en vernuwing van onderwysersopleiding bestaan het. Soos reeds aangedui (vergeelyk paragrawe 1.2 en 4.3), toon die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel tekens dat dit nie van sodanige herwaardering en vernuwing ontkom het nie. Dit spreek ook uit die vele kommissies van ondersoek wat al hier te lande na die onderwys en onderwysersopleiding geloods is. Sedert 1863 was daar veertien kommissies van ondersoek na die onderwys in Suid-Afrika waarin daar ook op onderwysersopleiding gefokus is (Behr, 1988:19-37; Le Roux, 1980:53-54). Beckmann (1989:177) gaan selfs so ver as om onderwysersopleiding uit te sonder as "... die een enkele aspek van die onderwys ten opsigte waarvan die beleid en beheer vanaf 1910 die meeste fragmentering en onduidelikheid vertoon het".

#### 4.4.1 ONDERWYSSTELSELBELEID TEN OPSIGTE VAN ONDERWYSKOLLEGES IN SUID-AFRIKA

Van der Westhuizen (1990:157) stel dit as een van die vereistes van die onderwysstelselbeleid dat die onderwysstelseldoelstellings duidelik daarin weerspieël moet word. Ten einde aan hierdie vereiste te voldoen, sal die doelstellings van die Suid-Afrikaanse nasionale onderwysbeleid, wat by implikasie ook 'n aanduiding van die doelstellings met onderwysersopleiding gee kortliks bespreek word. 'n Aanduiding van sodanige doelstellings word in onderwyswette aangetref: "Die onderwysstelsel vind sy beslag en grondslag in 'n *onderwyswet*." (Barnard, 1984:6.)

In Suid-Afrika was die doelstellings van blanke onderwys tot in 1983 in die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (Wet 39 van 1967) weergegee. Hoewel hierdie wet intussen verander het, word dit kortliks bespreek omdat dit volgens Scott en Beckmann (1988:4) misleidend kan wees as die bestaan en implementering van dié besondere wet genegeer word voor die inwerkingtrede van die nuwe onderwysbedeling of soos Nicholls (1987:157) dit stel: "... any contemplation of what is possible in the future is irrevocably limited, to some extent at least, by what has preceded it". Le Roux (1980:57) dui die beginsels waarop genoemde doelstellings gegrond was, soos volg aan:

- \* 'n Christelike karakter;
- \* 'n breë nasionale karakter;
- \* moedertaal as medium van onderrig;
- \* gedifferensieerde onderwysvoorsiening;
- \* 'n eenvormige ouderdomsperk vir verpligte onderwys in verskillende provinsies;
- \* gratis onderwys
- \* koördinerende van sillabusse, en eksamenstandaarde op 'n nasionale grondslag;
- \* eenvormige diensvoorwaardes en salarisskale in al die provinsies;
- \* ouerseggenskap deur middel van ouer-onderwyserverenigings, skoolkomitees en beheerrade, en

- \* inagneming van aanbevelings en wenke van amptelike onderwyserverenigings tydens beplanning.

Na die vrystelling van die verslag van die RGN-ondersoek na Onderwysvoorsiening in die RSA in Julie 1981, het belangrike beleidsontwikkelings op nasionale vlak ten opsigte van die onderwys in Suid-Afrika plaasgevind. Op daardie stadium was drie ministers verantwoordelik vir onderwys in Suid-Afrika, naamlik die Minister van Binnelandse Aangeleenthede, Nasionale Opvoeding en van Onderwys en Opleiding (RSA, 1983a:1). 'n Onderwystaakgroep is in die lewe geroep om die genoemde ministers met die evaluering van die RGN-verslag te adviseer. Die regering het op 23 November 1983 'n Witskrif oor Onderwysvoorsiening in die RSA gepubliseer. Uit die beginselstandpunte wat daarin gestel word, kan verdere doelstellings van die Suid-Afrikaanse onderwysbeleid afgelei word. Doelstellings wat spesifiek met die leerders in die onderwysstelsel te doen het, is die volgende (RSA, 1983a:3):

- \* Gelyke onderwysgeleenthede en -standaarde vir elke inwoner van Suid-Afrika ongeag ras, kleur, geloof of geslag.
- \* Erkenning van die gemeenskaplikheid en diversiteit van religie, taal en kultuur van alle inwoners.
- \* Erkenning van die keusevryheid van die individu, ouers en organisasies in die samelewing.
- \* Onderwys in ooreenstemming met die behoeftes van die individu én van die samelewing wat rekening hou met ekonomiese en mannekragbehoefte van die land.

Benewens bogenoemde het die Witskrif ook melding gemaak van formele onderwys as verantwoordelikheid van die staat, nie-formele onderwys, waarin die privaatsektor medeverantwoordelikheid behoort te neem en informele onderwys. Staatsubsidiëring van privaatonderwys, sentralisasie en desentralisasie in onderwysbestuur, die professionele status van die onderwyser en onderwysnavorsing het ook aandag geniet (*Ibid.*).

Op grond van die Witskrif en na inwinning van kommentaar van alle belanghebbende partye, is die Wet op Nasionale Beleid vir Algemene

Onderwys sake in 1984 (Wet nr. 76 van 1984) gepromulgeer. Beleid soos in die Witskrif gestel, is daarin beliggaam en strukture vir die uitvoering van die beleid, is ook daargestel.

'n Nuwe ministerie (Departement van Nasionale Opvoeding) het tot stand gekom om alle onderwysdepartemente ten opsigte van nasionale onderwysbeleid te adviseer en te koördineer met betrekking tot die volgende gemeenskaplike onderwysaangeleenthede soos in artikel 2 van die genoemde wet uiteengesit (Behr, 1988:74; Niebuhr, 1992a:5):

- \* Norme en standaarde vir die finansiering van lopende en kapitaalkostes van alle onderwysdepartemente;
- \* salarisse en diensvoorwaardes van personeel;
- \* professionele registrasie van onderwysers;
- \* norme en standaarde vir leerplanne, eksaminering en sertifisering.

Hierdie nasionale onderwysbeleid het vir alle bevolkingsgroepe gegeld en was uitgevoer deur die uitvoerende onderwysdepartemente wat die verskillende bevolkingsgroepe gedien het (Barnard, 1988:60).

Ten opsigte van onderwysersopleiding in die besonder, meld Scott en Beckmann (1988:4) dat die Wet op die Nasionale Onderwysbeleid (Wet 39 van 1967) aan die Minister van Nasionale Opvoeding wat die volgende sake betref, sekere bevoegdhede verleen het, naamlik:

- \* Algemene beleid wat gevolg word by die verskaffing van onderwys aan blankes in sekere skole;
- \* sekere aspekte van die opleiding van blanke persone as onderwysers;
- \* instelling van die Nasionale Onderwysraad.

Die nie-insluiting van die ander bevolkingsgroepe is opvallend omdat die sentrale regering tot in 1983, met die aanvaarding van 'n nuwe Grondwet, die bestaan van verskillende volke in Suid-Afrika ook in onderwyswetgewing beliggaam het (Barnard, 1984:6). Sedert 1984 is die beleidstandpunt gehuldig dat blankes, Indiërs en Kleurlinge een gemeenskaplike vaderland deel en een staatsbestel vorm, terwyl daar vir

swartmense in 'n ander politieke bestel, buite die driekamer parlement voorsiening gemaak is (Barnard, 1984:76; Niebuhr, 1992b:5). Elke hoofrassegroep, naamlik blankes, swartes, Kleurlinge en Indiërs se onderwysbeleid is in breë trekke deur 'n eie wet bepaal en 'n desentraliserende onderwysbeleid het afsonderlike ontwikkeling as ideaal gehad (Hofmeyr & Buckland, 1992:20). Die sogenaamde vierledige juridiese grondslag van die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel met die genoemde vier hoofrassegroepe as uitgangspunt, was 'n uitvloeisel van sodanige desentraliserende beleid (Barnard, 1984:7).

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika wat in 1983 aanvaar is, naamlik Wet nr 110 van 1983, het onderwys vir blankes, Kleurlinge en Indiërs as sogenaamde Eie Saak, elk met sy eie Onderwysdepartement beskryf (Nicholls, 1987:153). So het die drie Departemente van Onderwys en Kultuur elk met hul onderskeie administrasies ontstaan, naamlik:

- \* Volksraad vir blankes ingestel volgens Wet nr. 70 van 1988 (RSA, 1988:6).
- \* Raad van Afgevaardigdes vir Indiërs, ingestel volgens Wet nr. 78 van 1984 (RSA,1984b:1).
- \* Raad van Verteenwoordigers vir Kleurlinge ingestel volgens Wet nr. 85 van 1983 (RSA, 1983b:1).

Onderwys aan swartes het in ooreenstemming met die Wet op Onderwys en Opleiding, Wet nr. 90 van 1979 (RSA, 1979:7) geskied. Mense wat hierdeur geraak is, is slegs dié wat binne die grense van die Republiek van Suid-Afrika, naamlik buite die onafhanklike gebiede of die selfregerende (TBVC) state woon. Daarby word dus hoofsaaklik swartes in woongebiede rondom stede en dorpe en dié in plaasskole ingesluit.

Ses afsonderlike onderwysdepartemente het onderwys vir swartes van die verskillende etniese groepe in die voormalige ses selfregerende gebiede, naamlik Lebowa, Qwa-Qwa, KwaNdebele, KwaZulu, Kangwane en Gazankulu geadministreer.

Onderwys vir swartes in die voormalige vier onafhanklike state, naamlik Transkei, Bophloutatswana, Venda en Ciskei word elk deur hul eie onderwysdepartement geadministreer (Nicholls, 1987:154).

Indien daarby weereens in gedagte gehou word dat die Departement van Nasionale Opvoeding verantwoordelik was vir beleid aangaande algemene onderwyssake (RSA, 1984a:12), val dit op dat onderwys in Suid-Afrika en dus ook onderwysersopleiding, deur minstens nege onderwysdepartemente beheer was.

Afgesien van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet nr. 110 van 1983) wat onderwys, en gepaardgaande onderwysersopleiding, as eie saak (soos in die vorige paragraaf uiteengesit) verklaar, is daar twee wette wat spesifiek die beleid en beheer oor onderwysersopleiding in Suid-Afrika bepaal (Scott & Beckmann, 1988:38).

#### **4.4.1.1 Wet op Nasionale Onderwysbeleid (Wet 39 van 1967)**

Volgens hierdie wet is die volgende persone en instansies verantwoordelik vir die bepaling van beleid ten opsigte van onderwysersopleiding (Scott & Beckmann, 1988:5):

- \* Die Administrateurs, en die
- \* Komitee van Universiteitshoofde.

Die administrateurs pleeg op hulle beurt oorleg met:

- \* Departement van Nasionale Opvoeding,
- \* universiteite,
- \* onderwyskolleges, en
- \* onderwysersverenigings.

Die makrobeleid waarvolgens onderwysersopleiding moet plaasvind, word deur die Minister van Nasionale Opvoeding bepaal, sodat (Scott & Beckmann, 1988:56):

- \* Opleiding gekoördineerd kan plaasvind;

- \* opleiding volgens neergelegde beginsels met die oog op uitvoering van die onderwysbeleid plaasvind;
- \* onderwysstudente gelykberegtig word ten opsigte van geldelike opleidingshulp deur die staat;
- \* onderwysersopleiding vir sekondêre skole vier jaar duur en vir preprimêre en primêre skole minstens drie jaar, en
- \* standaardisering van sertifikate kan plaasvind.

In hierdie verband speel die volgende komitees 'n belangrike rol in die advisering van 'n administrateur van 'n bepaalde provinsie ten opsigte van onderwysersopleiding (Scott & Beckmann, 1988:57):

- \* Gesamentlike Adviserende en Koördinerende Komitee vir Onderwysersopleiding (GAKKO);
- \* Provinsiale Adviserende Komitee vir Onderwysersopleiding (PAKO);
- \* Komitee van Onderwyshoofde (KOH), en twee sub-komitees, naamlik:
  - Interdepartementele Advieskomitee insake Evaluering van Kwalifikasies en Indiensneming in die Onderwys (IAEK) en die
  - Interdepartementele Advieskomitee insake Kwalifikasies en Opleiding van Onderwysers (IAKO).

#### **4.4.1.2 Die Wysigingswet op Nasionale Onderwysbeleid, Wet nr. 103 van 1986 (RSA, 1986)**

Hierdie wet sny twee aspekte van onderwysersopleiding aan, naamlik (Behr, 1988:176):

- \* Die plek van opleiding
  - Opleiding van persone as onderwysers vir die sekondêre skool kan slegs aan 'n universiteit verskaf word, tensy die betrokke minister spesiale toestemming gee dat sodanige opleiding ook by 'n onderwyskollege mag plaasvind.

- Opleiding van personeel vir preprimêre en primêre onderwys vind aan 'n onderwyskollege óf 'n universiteit plaas, óf by albei in noue samewerking met mekaar nadat die minister dit goedgekeur het.
- \* **Beleid van opleiding.**
  - Volgens Wet 103 van 1986 word die beleid vir onderwysersopleiding deur die Minister bepaal. Sodanige beleidsbepaling geskied na oorlegpleging met:
    - provinsiale onderwysrade,
    - universiteite,
    - technikons,
    - komitee van onderwyshoofde, en
    - die liggaam vir die georganiseerde profesie wat ingevolge artikel 8B van die onderhawige wet erken word, sodat blanke onderwysersopleiding oor die hele land gekoördineerd kan plaasvind.
  - Opleiding sal ook geskied ten einde uitvoering te gee aan neergelegde beleid. Voorts sal persone wat as onderwysers opgelei word, gelykberegtig word ten opsigte van geldelike hulp wat van staatsweë beskikbaar gestel word. Opleiding moet ook voorsien in die behoeftes van onderwysers. Opleiding moet minstens vir sekondêre onderwys oor vier jaar strek, en drie jaar vir preprimêre en primêre onderwys, sodat eenvormigheid in die benaming van onderwyskwalifikasies wat toegeken word, bewerkstellig kan word (Behr, 1988:64).

In 1988 is die Wet op Onderwysdienste en die provinsiale onderwysordonnansies in een wet, naamlik die Wet op Onderwysaangeleenthede (Wet nr. 70 van 1988) gekonsolideer (RSA, 1988; Beckmann, 1989:192). Onderwyskolleges was nie in dié wet opgeneem nie, omrede daar 'n nuwe wet vir onderwyskolleges in 'n beplanningstadium was (Potgieter, 1989:134).

#### 4.4.2 Onderwysstelseladministrasie ten opsigte van onderwyskolleges in Suid-Afrika

Onderwysstelseladministrasie is daardie komponent van die onderwysstelsel waardeur funksionariesse en personeel in die onderwysstelsel georganiseer word, sodat onderwysstelselbeleid in die praktyk geïmplementeer kan word (Steyn, 1990:26). Ten einde die implementering van onderwysstelselbeleid deur middel van huidige onderwysstelseladministrasie, soos dit op onderwyskolleges van toepassing, is goed te kan begryp, is dit nodig om enkele relevante grepe in die historiese verloop daarvan uit te lig.

Op weinig ander terreine van die onderwysstelsel in Suid-Afrika heers daar soveel verwarring en ongekoördineerdheid as in onderwysersopleiding. Daar is vele skrywers (Hofmyer & Buckland, 1992:25; Behr, 1988:59; Scott & Beckmann, 1988:2; Le Roux, 1980:31; Du Toit, 1975:86) wat dit eens is dat die *Zuid-Afrika Wet* van 1910, en meer spesifiek artikel 85 (iii) daarvan, 'n tydperk van verdeelde beheer oor onderwysersopleiding ingelui het "... wat nou nog nie ten volle beëindig is nie" (Beckmann, 1989:177).

Onduidelikheid met betrekking tot die term "hoër onderwys" het veral tot verwarring gelei aangesien die bedoeling blykbaar was om die onderwysstelsel horisontaal te verdeel, met die sentrale regering in beheer van tersiêre of post-sekundêre onderwys en die provinsies in beheer van alle ander onderwys (Behr, 1988:59-60). Die verwarring wat ontstaan het, was daaraan te wyte dat sommige onderwyskandidate tot onderwysstudies kon toetree sonder dat hulle matriek geslaag het. 'n Samevloei van "hoër onderwys" en "onderwys anders as hoër onderwys" het gevolglik plaasgevind. Dit het gelei tot 'n toutrekkery tussen die sentrale owerheid en die provinsies, wat 'n refleksie was van die federale-unitêre stryd tydens die Nasionale Konvensie voor Uniewording (Le Roux, 1980:31). "Some wanted a federal form of union, others wanted a unitary system, some wanted education to be locally administrated while others desired a firm central control of education". (Le Roux, 1980:32.)

Sodanige verdeelde beheer oor onderwysersopleiding spreek uit die feit dat 33 verskillende opleidingsinstansies, soos reeds in paragraaf 4.3 aangetoon in 1962 onderwysersopleiding behartig het "... wat gesamentlik 'n bonte verskeidenheid van onderwysdiplomas uitgereik het" (Barnard, 1986:143). Daarby moet in gedagte gehou word dat dit die toedrag van sake slegs ten opsigte van blanke onderwyskolleges was.

Indien opleidingsinstansies van die ander rassegroepe hierby ingesluit word blyk dit veel meer ongekoördineerd en verwarrend te wees. Dit het daartoe gelei dat die Minister van Onderwys in 1962 verklaar het: "In our country there is no uniform control over teacher training as there is in other countries" en "There is really no systematic and scientific system of teacher training". (Behr, 1988:172.) Op hierdie betoog het die aanstelling van die Gericke-kommissie van ondersoek na die opleiding van blankes as onderwysers in 1968 gevolg, waaruit ook die Wysigingswet op Nasionale Onderwysbeleid van 1969, Wet nr. 73 van 1969 voortgevloei het. Hierdie wet het volgens Barnard (1984:9) die juridiese grondslag vir onderwysersopleiding gelê omdat opleiding vir preprimêre en primêre onderwysers aan onderwyskolleges finaal geskei is van opleiding vir sekondêre onderwysers, wat slegs aan universiteite sou plaasvind. Ander skrywers is egter van mening dat dit nie so 'n stewige grondslag was nie, omdat universiteite nie genoegsaam ingestel was op onderwysersopleiding nie en: "A situation was created which was described as paradoxical, because many primary-trained teachers from the colleges were appointed to high schools." (Behr, 1988:174.) Niven (aangehaal deur Le Roux, 1980:78) berig selfs soos volg: "Provincial education authorities were dismayed at the prospect that institutions which over three quarters of a century had performed a valuable service were to be swept away by the stroke of a pen."

Die plek van opleiding van blankes as onderwysers word ook in die Wysigingswet op Nasionale Onderwysbeleid (Volksraad), Wet nr. 103 van 1986 soos vroeër bespreek, beskryf. (Vergelyk paragraaf 4.5.1.2.) Uit die oogpunt van onderwysstelseladministrasie ten opsigte van onderwyskolleges, is dit belangrik om op die volgende te let. Volgens Behr (1988:176) hou artikel 1(q) van die Wet definitiewe bevoordeling vir die universiteit in: "The Act ... places the training of teachers firmly in

the hands of the universities." Die Wet op Nasionale Beleid vir Algemene Onderwysake, Wet nr. 76 van 1984 maak dit vir universiteite moontlik om outonome besluite te neem insake die aantal studente wat toegelaat word en watter studente, ongeag ras, geloof of geslag as onderwyskandidate toegelaat word. Daardeur is die tekort aan goed opgeleide onderwysers in die anderskleurige sektore van die samelewing verlig (*Ibid.*; Johnson, 1991:188).

Onderwyskolleges is steeds beperk tot studente van hul "eie sake" departement. 'n Aansienlike daling is in die getal inskrywings aan blanke onderwyskolleges ondervind. Dit is, volgens Behr (1988:177), aan dalende blanke bevolkingsgetalle te wyte en aan die styging in onderwyser-leerling-verhouding ten einde meer fondse aan swart onderwys beskikbaar te kan stel en die voorkeur wat studente aan 'n graadkursus verleen eerder as diplomaopleiding van gelyke duur aan 'n onderwyskollege.

In opvolging van die Gericke-kommissie en die Wysigingswet op Nasionale Onderwysbeleid, Wet nr. 73 van 1969 en die aanbevelings wat daaruit voortgevloei het, is die Van Wyk de Vries-kommissie van ondersoek na die universiteitswese in Suid-Afrika in 1974 aangestel. "The Van Wyk de Vries Commission was acutely critical of the Gericke Report and of the legislation regarding college-university co-operation." (Le Roux, 1980:77.) Een van die belangrikste bevindings van die kommissie was dat universiteite nie bereid sou wees om tweeledige beheer oor onderwysersopleiding te aanvaar nie, aangesien dit die universiteit sou verplig om sekere voorskrifte in verband met die opleiding van onderwysers te aanvaar en hulle aan outonomie sou moes inboet - "... (it) would place their academic function *vis-à-vis* teacher training in a straitjacket" (Behr, 1988:174).

Ten einde die administrasie van blanke onderwyskolleges (soos dit tans daar uitsien) te verstaan, moet die aanbevelings van die minderheidsverslag van die Gericke-kommissie ook in gedagte gehou word. Daarvolgens is die instelling van sogenaamde onderwysersopleidingsentrums voorgestel, wat meeste werksaamhede van onderwyskolleges by fakulteite van opvoedkunde sou inkorporeer

(Le Roux, 1980:80). In dié verband het die Van Wyk de Vries-kommissie die sogenaande "kollege-idee" voorgestel. Dit het ook noue samewerking tussen die twee instansies wat onderwysers oplei voorgestel, maar was van mening dat universiteite in beheer van sodanige vennootskap moes wees. Verder is die volgende voorstelle gemaak:

- \* Universiteite sou self in eie reg graadkursusse vir onderwysersopleiding kon instel;
- \* onderwyskolleges kon onderwysers oplei deur diplomakursusse onder beskerming van universiteite aan te bied;
- \* bogenoemde twee kursusse sou nie volkome onafhanklik wees nie, maar:
  - sekere praktiese vakke en vaardighede word slegs by die onderwyskollege aangebied, maar kan deur beide universiteits- en kollegestudente geneem word;
  - ander vakke word slegs by die universiteit aangebied, maar kan ook deur kollegestudente geneem word (Behr, 1988:175).

Die Van Wyk de Vries-kommissie het hom dus by die minderheidsverslag van die Gericke -kommissie geskaar deur die noue samewerking tussen onderwyskollege en universiteit soos dit deur subartikel 1(A)3 van die Wysigingswet op Nasionale Onderwysbeleid, Wet nr. 73 van 1969 voorgestel is, hewig te kritiseer, en wou alle onderwysersopleiding onder beheer van universiteite plaas. Barnard (1986:143) som dit só op: "Vir meer as vyftig jaar na Uniewording is daar tevergeefs deur middel van konferensies, beredeneringe en kommissies gepoog om eenheid ten opsigte van onderwysersopleiding te bewerkstellig en om dit ter wille van die begeerde statusverhoging onder die beheer van die universiteite te bring."

Provinsiale beheer oor onderwyskolleges was op daardie stadium goed gevestig. Die "noue samewerking" tussen onderwyskolleges en universiteite soos deur subartikel 1(A)3 van die wet in die vooruitsig gestel word, sou nie sonder probleme verloop nie. Om dié probleme die hoof te bied is twee outonome liggame vir elke onderwyskollege, naamlik 'n kollegeraad en 'n kollegesenaat in die lewe geroep wat deur Le Roux

(1980:101) beskryf word as: "... a bold demonstration that college-university co-operation was a feasible proposition".

Onderwysersopleiding kan nie van die skoolstelsel geskei word nie; en daarom wil provinsiale onderwysowerhede ook medeseggenskap in onderwysersopleiding hê. Onderwysersopleiding val tegelyk ook binne die kader van tersiêre opleiding, en is dit nodig dat beheer oor akademiese standaarde nitgeoefen word. Die universiteitswese is die beste toegerus om laasgenoemde funksie te verrig. Le Roux (1980:425) is op grond van 'n internasionale vergelykende studie die mening toegedaan dat sodanige bestuurskundige dipool in die beheer van onderwysersopleidingsinstansies nie tot Suid-Afrika beperk is nie. Die stigting van relatiewe onafhanklike rade, waardeur onderwyskolleges bestuur word, het 'n struktuur daargestel waarin alle partye wat by onderwysersopleiding belang het, kan saamwerk. Behr (1988:175) is van mening dat onderwysadministrateurs (provinsiale onderwysowerhede) die inisiatief geneem het vir die stigting van rade van onderwyskolleges. Hulle strewe was soos volg: "... (they) set their minds to finding a solution to overcoming the diarchy and bringing about 'close co-operation between college and university' by taking into account traditional educational practice and the labyrinth of existing legislation and vested interests" (*ibid.*).

Bestuur en beheer van onderwyskolleges geskied in die geval van die blanke sektor, in terme van provinsiale onderwysordonnansies wat primêr op die skoolstelsel ingestel is. Daar bestaan ook geen privaattwette vir onderwyskolleges soos in die geval van universiteite nie.

Die stigting van kollegerade vir onderwyskolleges het tot 1993 nie op enige wet wat die instelling van sodanige raad verpligtend maak, berus nie. Die bestaan van kollegerade het bloot op ooreenkomste tussen departemente van onderwys (namens onderwyskolleges) en universiteite berus (Le Roux, 1980:471.) Sederdien is die instelling van kollegerade egter in wetgewing vasgelê (RSA, 1992c:1).

Hoofdoelstellings wat met die stigting van kollegerade nagestreef word, is die volgende (RSA,1992c:4; Behr, 1988:175; Le Roux, 1980:58-76):

- \* Meer outonomie word deur die provinsies aan onderwyskolleges toegeken - 'n onafhanklike raad bestuur onderwyskolleges.
- \* Die status van onderwyskolleges word verhoog deurdat werksaamhede deur gesaghebbende liggame, soos die onderwysersverenigings en universiteite gemonitor word.
- \* 'n Waarborg van die akademiese standaard van onderwyskollege-kursusse deur middel van noue samewerking met die universiteit.
- \* Sterk universiteitsverteenvoordinging op kollegerade en kollege-senate verseker dat nasionale belange beskerm word.
- \* Die outonomie van universiteite bly onaangeraak maar word deur dié reëling na onderwysersopleiding by onderwyskolleges uitgebrei.

Samestelling van kollegerade sien soos volg daaruit (RSA,1992c:1; Le Roux, 1980:393):

- \* 'n Voorsitter aangewys deur die administrateur van daardie provinsie in oorleg met die universiteit;
- \* kollegeverteenvoordinging wat uit die rektor, 'n vise-rektor en lede van die kollege-senaat bestaan;
- \* universiteitsverteenvoordinging;
- \* verteenwoordigers van die provinsiale onderwysdepartement;
- \* 'n verteenwoordiger van die onderwysersverenigings;
- \* 'n verteenwoordiger van die Administrateur, en
- \* 'n verteenwoordiger van die Minister.

Die kollege-senaat (in geval van blanke onderwyskolleges) is ingestel om op akademiese terrein, uitvoering aan die bepaling dat daar "noue samewerking" tussen universiteite en onderwyskolleges moet wees, te gee (Le Roux, 1980:25). Kursusse vir die opleiding van onderwysers vir die sekondêre skoolfase aan onderwyskolleges word veral streng deur universiteite gemodereer en geakkrediteer - 'n funksie wat deur die senaat van blanke onderwyskolleges gekoördineer word. Die afwesigheid van onderwysbeplanners van provinsiale onderwysdepartemente op kollege-senate is opvallend. Die hoofoorweging vir sodanige weglating is volgens Le Roux (1980:399) waarskynlik 'n poging om meer klem op die

outonome funksionering van die kollegerade en kollege-senate te lê: "Whereas the College was an emanation of the Department, it was now to be given the freedom to realise itself as an outonomous institution".

Die administrasie van onderwyskolleges vir swartes geskied in ooreenstemming met die Wet op Onderwys en Opleiding, Wet nr. 90 van 1979. Onderwyskolleges in die Departement van Onderwys en Opleiding is tot 1990 in 'n groot mate op dieselfde wyse as sekondêre skole bestuur. Siebörger & Kenyon (1992:148) is selfs die mening toegedaan dat onderwyskolleges in die Departement van Onderwys en Opleiding weinig anders as hoërskole behandel is, en dikwels op 'n hoërskoolpatroon gefunksioneer het met baie min bewys van 'n tersiêre etos. Die tradisionele gebruik van direkte innenging deur byvoorbeeld inspekteurs van onderwys in die sake van onderwyskolleges te betrek, het lank by die Departement van Onderwys en Opleiding voorgekom.

In 1992 is administratiewe beheer van onderwyskolleges vanaf die streke waarin die Departement van Onderwys en Opleiding ingedeel is na die direkte beheer van die hoofkantoor oorgeplaas. 'n Direkoraat: Tersiêre Opleiding is vir dié doel gestig en veral wat die sogenaamde VAS stelsel (voorradeadministrasiestelsel) betref, word onderwyskolleges toegelaat om in 'n groter mate op hul eie te funksioneer. Onderwyskolleges onder beheer van die Departement van Onderwys en Opleiding word derhalwe sedert 1992 as instansies met "relatief groter bestuursselfstandigheid (*an institute with self-reliant management*)", beskou (Conradie, 1993), aangesien die term "outonomie" met groot omsigtigheid hanteer moet word (Le Roux, 1980:59). Regulasies betreffende die bestuur van onderwyskolleges onder beheer van die Departement van Onderwys en Opleiding is met die publikasie van Regeringskennisgewing nr. R 2565 in Staatskoerant 327 gedateer 11 September 1992 verander deurdat kollegerade ook vir sodanige onderwyskolleges ingestel is. Die samestelling van die rade word in deel I van die kennisgewing omskryf en sien soos volg daaruit (RSA, 1992b:3):

- \* Die rektor van die betrokke onderwyskollege;
- \* twee beamptes deur die Direkteur-generaal aangewys;
- \* een lid van en aangewys deur die Raad op Onderwys en Opleiding;

- \* een lid van die inspekteursvereniging;
- \* twee hoofde van skole in die omstreke van die kollege;
- \* twee verteenwoordigers van studente se ouers, en
- \* vier persone deur die Minister na goeë dunnke aangewys.

Pligte en bevoegdhede van die kollegerade is om (RSA, 1992b:8):

- \* om te sien na die algemene welsyn van die kollege;
- \* belange van die kollege te bevorder en te beskerm;
- \* die Direkteur-generaal in verband met die doeltreffende funksionering van die kollege te adviseer;
- \* huishoudelike reëls vir die kollege daar te stel;
- \* vertoë van studente en ouers te oorweeg en aan die Direkteur-generaal voor te lê;
- \* te poog om daadwerklike samewerking en lojaliteit van studente, ouers en die gemeenskap teenoor die kollege te verkry;
- \* konstitusies van studenteorganisasies, insluitende die verteenwoordigende studenterraad, te oorweeg en goed te keur, en
- \* die rektor se jaarverslag te oorweeg en aan te beveel.

Administratiewe beheer van onderwyskolleges onder beheer van die Departement Onderwys en Kultuur, Administrasie: Raad van Verteenwoordigers en Raad van Afgevaardigdes geskied deur 'n adviesraad, deur die betrokke Minister van Onderwys en Kultuur aangestel (Kennedy, 1993). Die outonomie van sodanige adviesraad is nie van dieselfde omvang as in die geval van die kollegerade van onderwyskolleges onder beheer van die Departement Onderwys en Kultuur, Administrasie: Volksraad nie, aangesien laasgenoemde instansies elk oor 'n kollege-senaat beskik, wat aan die kollege raad verslag moet doen (Le Roux, 1980:399). In die geval van onderwyskolleges van bogenoemde twee Departemente van Onderwys en Kultuur word akademiese beheer deur die betrokke hoofkantoor van die onderskeie Departemente van Onderwys en Kultuur uitgeoefen. Kurrikulering vir die verskillende kursusse en moderering van eksamenvraestelle geskied vanuit die hoofkantoor. Die rektorat en personeel van 'n bepaalde onderwyskollege het wel inspraak in aangeleenthede van akademiese aard, deurdat sodanige sake gereeld intern op personeelsimposia van die kollege bespreek word en

aanbevelings wat daaruit voortvloei aan die betrokke amptenare van die hoofkantoor voorgelê word (Kennedy, 1993).

Hoewel dus gesê kan word dat onderwysstelseladministrasie ten opsigte van onderwyskolleges onder beheer van die Departemente van Onderwys en Opleiding en die Departemente van Onderwys en Kultuur vir die Administrasies: Raad van Verteenwoordigers en Raad van Afgevaardigdes meer gesentraliseerd is as in die geval van dié vir die Administrasie: Volksraad, word pogings aangewend om 'n mate van desentralisasie te verseker.

#### **4.4.3 Onderwyskundige struktuur ten opsigte van onderwyskolleges in Suid-Afrika**

Die georganiseerde versameling van alle onderwysinrigtings in 'n bepaalde staatsgebied, is van wesenlike belang vir die effektiewe funksionering van die onderwyskundige struktuur van 'n nasionale onderwysstelsel (Steyn, 1991:32). In hierdie paragraaf sal die stand van onderwyskolleges in Suid-Afrika, as een van verskeie onderwysinrigtings op die tersiêre onderwysvlak, bespreek word. Aspekte van die onderwyskundige struktuur wat, benewens bogenoemde onderwys- of opleidingvlakke onderskei kan word, is die volgende:

- \* Inrigtings, soos die onderwyskolleges wat onder beheer van die verskillende onderwysdepartemente ressorteer sal bespreek word.
- \* Toelatingsvereistes: Die onderskeie onderwysdepartemente se toelatingsvereistes sal ondersoek word.
- \* Kurrikula en differensiasie: Die kursusse wat by bogenoemde onderwyskolleges aangebied word, sowel as die kwalifikasies wat behaal kan word, sal beskryf word.
- \* Sertifisering: Alle moontlike onderwysdiplomas wat in elke onderwysdepartement behaal kan word, sal uiteengesit word.
- \* Leerders: Die nodige statistiek oor getalle sal gegee word.
- \* Onderrigmedium: Die taal waarin onderwysersopleiding aan die besondere onderwyskollege geskied sal gegee word.
- \* Fisiese fasiliteite: Die getalle en gehalte van onderriglokale en ander fasiliteite by onderwyskolleges sal ondersoek word.

#### **4.4.3.1 Inrigtings - onderwyskolleges onder beheer van die verskillende onderwysdepartemente in Suid-Afrika**

Waar die geografiese ligging van die onderwyskollege nie uit die naam daarvan afgelei kan word nie, sal die betrokke stad, dorp of plek aangedui word. Die geografiese verspreiding van onderwyskolleges lyk dan soos volg:

- \* Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie:  
Volksraad.  
Daar is tans tien onderwyskolleges onder beheer van dié departement, naamlik (in alfabetiese volgorde):
  - Onderwyskollege Bloemfontein;
  - Onderwyskollege Boland (in die Paarl);
  - Onderwyskollege Durban;
  - Edgewood College of Education (in Pinetown);
  - Johannesburg College of Education;
  - Natal College of Education (in Durban);
  - Onderwyskollege Potchefstroom;
  - Onderwyskollege Pretoria;
  - Onderwyskollege van Suid-Afrika (in Pretoria), en
  - Port Elizabeth College of Education (sluit Des. 1993).

Die Natal College of Education en die Onderwyskollege van Suid-Afrika bied slegs afstandsonderrigprogramme vir onderwysersopleiding aan en is nie sogenaamde residensiële onderwyskolleges nie.

- \* Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie:  
Raad van Verteenwoordigers.  
Daar is tans elf onderwyskolleges wat deur dié departement beheer word, naamlik (in alfabetiese volgorde):
  - Athlone College of Education (in Kaapstad);
  - Bechet College of Education (in Durban);
  - Dower College of Education (in Port Elizabeth);
  - Onderwyskollege Belville;

- Hewat College of Education (in Crawford, Kaapstad);
- Perseverance College of Education (in Kimberley);
- Rand College of Education (in Johannesburg);
- Söhng College of Education (in Worcester);
- Suid-Kaapse Onderwyskollege (in Oudtshoorn);
- Wesley College of Education (in Soutrivier, Kaapstad), en
- Roggebaai Onderwyskollege (Kaapstad).

Laasgenoemde onderwyskollege in Roggebaai bied slegs afstandsonderrigkursusse aan en is nie 'n residensiële onderwyskollege nie.

\* Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie:  
Raad van Afgevaardigdes.  
Slegs twee onderwyskolleges word deur dié Departement beheer, naamlik:

- Springfield College of Education (in Durban), en
- Transvaal College of Education (in Laudium, Pretoria).

\* Departement van Onderwys en Opleiding.  
Altesaam dertien kolleges staan onder beheer van dié departement, naamlik (in alfabetiese volgorde):

- Algoa College of Education (In Port Elizabeth);
- Cape College of Education (in Fort Beaufort);
- College for Further Training (Soshanguwe, Pretoria);
- Daveyton College of Education (naby Springs, Tvl.);
- East Rand College of Education (in Springs);
- Good Hope College of Education (in Somerset Wes);
- Indumiso College of Education (in Pietermaritzburg);
- Kagisanong College of Education (in Bloemfontein);
- Kathorus College of Education (naby Alberton);
- Mphohadi College of Education (in Kroonstad);
- Phatsimang College of Education (in Kimberley);
- Sebokeng College of Education (naby Vereeniging);
- Soweto College of Education (naby Johannesburg), en
- Transvaal College of Education (naby Pretoria);

Soos die naam aandui, is die College for Further Training in Soshanguwe 'n instansie wat slegs praktiserende onderwysers as studente inneem en

bied nie voordiensopleidingsprogramme aan nie. Deeltydse of voltydse kursusse word aangebied.

- \* In elk van die ses voormalige nasionale state (of soos dit soms genoem is, die selfregerende gebiede) is ook 'n departement van onderwys aangetref. Altesaam 34 onderwyskolleges is deur die onderskeie regerings beheer. Daaronder word die volgende aangetref:
  - Kangwane:
    - E.C.Mango College of Education by Kabokweni;
    - Mgwenya College of Education by Kanyamazane, en
    - Naphuno College of Education by Lenyene.
  - Gazankulu:
    - Giyani College of Education;
    - Hoxani College of Education by Hazyview, en
    - Tivumbeni College of Education by Letaba.
  - Lebowa:
    - Lemana College of Education by Elin;
    - Mapulaneng College of Education by Bosbokrand;
    - Dr.C.N.Phatudi College of Education by Burgersfort;
    - Kwena Moloto College of Education in Seshego;
    - Mamokgalake College of Education by Groblersdal;
    - Modjadji College of Education in Ga-Kgapane;
    - Mokopane College of Education in Mahwelereng;
    - Sekgosese College of Education in Soekmekaar;
    - Sekhukhune College of Education in Apel;
    - Setotlwane College of Education by Pietersburg, en
    - Thabamoope College of Education in Lebowakgomo.
  - Qwa-Qwa:
    - Boitjhorisong In-service Training Centre in Witsieshoek;
    - Bonamelo College of Education in Phuthaditjaba;
    - Sefikeng College of Education in Witsieshoek, en
    - Tshiya College of Education in Witsieshoek.

- Kwa-Zulu:
  - Adams College of Education in Amanzimtoti;
  - Appelsbosch College of Education in Ozwatini;
  - Eshowe College of Education;
  - Esikhawini College of Education;
  - Ezakheni College of Education;
  - Kwa-Gqikasi College of Education in Nongoma;
  - Madandeni College of Education;
  - Mpunalanga College of Education in Hammersdale;
  - Ntuzuma College of Education by Kwamashu;
  - Siza's Centre for In-service Training in Madandeni;
  - Umbumbulu College of Education in Amanzimtoti, en
  - Umlazi College for Further Training in Mobeni.
  
- \* In die voormalige onafhanklike state, die sogenaamde TBVC state is ook onder beheer van die onderskeie departemente van onderwys 'n aantal onderwyskolleges aangetref, naamlik:
  - Transkei:
    - Arthur Tsengiwe College of Education in Cala;
    - Bensonvale College of Education;
    - Butterworth College of Education;
    - Bethel College of Education ook in Butterworth;
    - Cicira College of Education in Umtata;
    - Clarkeburry College of Education;
    - Clydesdale College of Education in Umzimkulu;
    - Lumko College of Education in Lady Frere;
    - Maluti College of Education in Matatiele;
    - Mfundisweni College of Education;
    - Mount Arthur College of Education in Lady Frere;
    - Shawburry College of Education;
    - Sigcau College of Education in Flagstaff;
    - Transkei College of Education in Umtata, en
    - Umtata In-service Training Centre.

- Bophuthatswana:
  - Hebron College of Education in Ga-Rankuwa;
  - Lehurutshe College of Education in Lerato;
  - Mankwe Christian College of Education in Mogwase;
  - Marapyane College of Education in Tuinplaas;
  - Moretele College of Education in Makapanstad;
  - Strydom College of Education in Selosesa, en
  - Taung College of Education in Pudimu.
  
- Venda:
  - Makado College of Education in Dzanani;
  - Ramaano Mbulaheni College of Education in Tshakuma;
  - Shingwedzi College of Education in Malamulele;
  - Tshisimani College of Education in Tshakuma;
  - Venda College of Education in Sibasa, en
  - Bochum College of Education.
  
- Ciskei:
  - Dr. W.B.Rubusana College of Education in Mdatsane;
  - Griffiths Mxenge College of Education in Zwith;
  - Lovedale College of Education in Alice, en
  - Masibulele College of Education in Whittlesea.

Afgesien van bogenoemde ses kategorieë onderwyskolleges, was daar tot Augustus 1993 nog een privaatonderwyskollege wat onafhanklik van enige staatsinstansie beheer en bestuur was en wat deur privaatdonateurs gefinansier was. Dit was die Promat College of Education in Mamelodi, Pretoria. Die besondere onderwyskollege is egter sedertdien gesluit vanweë finansiële probleme.

#### **4.4.3.2 Toelatingsvereistes**

Soos reeds in hoofstuk een gemeld, bestaan daar in alle lande 'n verband tussen die beskawingspeil van die inwoners van sodanige land en die gehalte van die land se onderwys. (Vergelyk paragraaf 1.1.) Die gehalte van die onderwys word op sy beurt weer regstreeks beïnvloed deur die gehalte van onderwysersopleiding (RGN, 1981b:5, 44, 45). Daar kan

dus met reg afgelei word dat die vereistes wat aan onderwyskandidate vir keuring en toelating tot onderwysersopleiding gestel word, sowel as die standaard van sodanige opleiding en eksaminering, die gehalte van onderwys in Suid-Afrika medebepaal.

Benewens die vereiste dat die onderwyskandidaat bewys van goeie gesondheid moet lewer en dat hy of sy oor RSA-burgerskap moet beskik, moet persone wat beoog om as onderwyser opgelei te word, aan bepaalde voorvereistes (soos verderaan spesifiek per departement genoem) voldoen. Nadat die onderwyskandidate aan 'n keuring onderwerp is, word studiebeurse aan hulle toegeken. Hoewel die omvang, in monetêre terme van sodanige beurse van departement tot departement van mekaar mag verskil, moet studente in sommige departemente, byvoorbeeld die Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Volksraad, nog minstens die helfte van die finansiële verpligtinge uit eie fondse voorsien. In alle gevalle word die onderwyskandidaat as 'n sogenaamde verbintenisstudent beskou, en word 'n kontrak tussen die student en die onderwysdepartement aangegaan, waarvolgens bepaal word dat die student in diens van die bepaalde onderwysdepartement sal staan vir 'n tydperk gelyk aan die tydperk van studie. Diens mag by enige skool, inrigting of kantoor wat onder direkte of indirekte beheer van die betrokke departement staan, gelewer word.

\* Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Volksraad

Alle voornemende studente aan onderwyskolleges onder beheer van die Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Volksraad moet in besit van 'n matrikulasiesertifikaat of 'n senior sertifikaat wees, met minstens 'n slaagpunt in beide tale waarvan die eerste taal op hoërgraad moet wees. Ten minste een ander vak, afgesien van die eerste taal, moet ook in die hoërgraad geslaag word. Vir kandidate wat vir die technika-kursus wil inskryf, geld die verdere vereiste dat Wiskunde ook in st. 10 aangebied moet word, en dat minstens drie D-simbole op die hoërgraad of drie E-simbole op die standaardgraad of 'n kombinasie daarvan behaal moet word. Laastens word die vereiste ook deur sommige onderwyskolleges gestel dat kandidate wat van voorneme is om

sekere skoolvakke as hoofvak in die onderwysdiploma te neem, (byvoorbeeld Wiskunde, Natuur- en Skeikunde en Biologie) bepaalde minimum simbole in daardie vak in matriek moes behaal alvorens sodanige vak as akademiese studierigting gekies kan word. (Vergelyk ook paragraaf 4.4.3.3.)

- \* Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Raad van Verteenwoordigers en Raad van Afgevaardigdes

In hierdie departemente word die vereiste gestel dat voornemende onderwysstudente minstens in besit van 'n senior sertifikaat moet wees. Die vereistes dat sekere vakke op die hoërgraad geslaag moet word geld dus nie.

- \* Departement van Onderwys en Opleiding

Beurse in hierdie departement word ooreenkomstig artikel 38 (b) van die Wet op Onderwys en Opleiding van 1979, Wet nr. 90 van 1979 toegeken (RSA, 1993c:1). Daarvolgens mag die Minister van Onderwys en Opleiding beurse aan studente beskikbaar stel op die grondslag en voorwaardes wat deur die Minister van Finansies neergelê word. Die toewing is verder gemaak dat aansoekers wat nie oor 'n geldige standaard 10-skooleindsertifikaat beskik nie, 'n gelykwaardige sertifikaat vir evaluering mag voorlê.

#### **4.4.3.3 Kurrikula**

Kurrikula verwys na die verskeie pakkette leergeleenthede of onderwysprogramme wat in die behoeftes van die onderwysgebruikers voorsien word (Steyn, 1991:37).

Algemene riglyne vir onderwysprogramme vir studente in primêre onderwys, soos uit 'n studie van internasionale literatuur blyk (vergeelyk paragraaf 3.9.4), is ook in Suid-Afrika van toepassing. Akademiese skoling geniet nie soveel voorrang as professionele vorming nie. Alhoewel studente vir primêre onderwys in bykans alle vakke wat kinders in die primêre skool kan neem, onderlê moet wees, word dit nie

wetenskaplik intensief behandel nie maar geniet die vakdidaktiese aspekte van sodanige vakke baie meer aandag.

Studente wat 'n loopbaan in sekondêre onderwys beoog, word egter wel by sommige onderwyskolleges, wat onder die Departement van Onderwys en Opleiding ressorteer opgelei. In die geval van blanke studente/kursusse is toelating onderhewig aan toestemming van die Minister van Onderwys ( Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Volksraad).

'n Algemene tendens wat by alle onderwyskollege-opleidingsprogramme aangetref word, is dat die vakke vir sodanige programme in drie hoofgroepe verdeel kan word, naamlik:

- Professionele vakke wat Opvoedkunde, Onderwyskunde en Praktiese onderwys insluit.
- Kurrikulumvakke wat die vakinhoudelike en die vakdidaktiek van alle vakke wat in die primêre skool aangebied word, behels. In die geval van opleiding vir die sekondêre skool word dit nie van studente verwag om alle skoolvakke wat leerlinge moontlik kan neem, te bestudeer nie. Hoewel sodanige studente oor die algemeen slegs twee skoolvakke hoef te neem, word 'n meer diepgaande studie daarvan gemaak as in die geval van opleiding vir die primêre skool.
- Spesialiseringsvakke waarvan die aard en inhoud by die besondere skoolfase waarvoor opleiding ontvang word, aangepas word.

#### **4.4.3.4 Sertifisering**

Benamings van kwalifikasies wat in die onderskeie departemente behaal kan word, sowel as die duur van opleiding, verskil van mekaar.

- \* Departement Onderwys en Kultuur, Administrasie: Volksraad

Onderwysprogramme vir inisiële onderwysersopleiding wat aan onderwyskolleges onder beheer van die Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie:Volksraad aangebied word, duur vier jaar. Kwalifikasies wat behaal word staan bekend as die Hoër Onderwysdiploma, (afgekort H.O.D.) met spesialisering in een van die volgende hoofrigtings (afkortings word telkens tussen hakies aangedui) naamlik: Preprimêre onderwys (PP); Junior primêre onderwys (JP); Senior primêre onderwys (SP) of Technika (Tech). Laasgenoemde is 'n tegniese onderwyskursus wat toegespits is op onderwys in die sekondêre skool (meer spesifiek Hoër Tegniese Skole). By sommige instansies is die preprimêre kursus uitgefaseer, of word 'n gekombineerde preprimêre en junior primêre kursus aangebied.

Die samestelling van onderwysprogramme vir onderwysersopleiding geskied aan die hand van riglyne soos deur die Departement van Onderwys en Kultuur Administrasie:Volksraad in die Kriteria vir die Evaluasie van Kwalifikasies vir Indiensneming in die Onderwys neergelê (RSA, 1993a:27,30 en 34).

- \* Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Raad van Verteenwoordigers

By onderwyskolleges onder beheer van die Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie:Raad van Verteenwoordigers word driejarige kursusse gevolg, waarna die Onderwysdiploma (afgekort die OD) toegeken word. Na suksesvolle aflegging van die derde studiejaar kan studente egter 'n opsionele vierde jaar volg om sodoende die Hoër Onderwysdiploma (HOD) in Praktiese Spesialisasie te verwerf. Beide bogenoemde onderwysdiplomas kan in een van drie hoofrigtings verwerf word, naamlik Preprimêr (PP), Junior primêr (JP) of Senior primêr (SP) (Kennedy, 1993).

- \* Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Raad van Afgevaardigdes

By die twee onderwyskolleges onder beheer van die Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Raad van Afgevaardigdes, naamlik die Transvaal College of Education in Pretoria en Springfield College of Education in Durban, word beide voordiens-, en indiensopleidingskursusse aangebied. Inisiële opleiding duur vier jaar en die kwalifikasie wat verwerf word staan bekend as die *Higher Education Diploma* (HED). Daar bestaan geen kursus vir preprimêre onderwysersopleiding binne hierdie departement nie maar wel 'n vierjarige diploma in sekondêre onderwys (afgekort *Sec.*). Die onderskeie diplomas wat dus behaal kan word, staan bekend as die HED(JP), HED(SP) en HED(Sec).

- \* Departement van Onderwys en Opleiding

Onderwysstudente wat vir kursusse by onderwyskolleges onder beheer van die Departement van Onderwys en Opleiding inskryf, volg 'n driejarige diplomakursus. Twee verskillende kwalifikasies word vir die twee fases van die primêre skool aangebied, naamlik die *Primary Teachers' Diploma (Junior Primary)* of *Primary Teachers' Diploma (Senior Primary)*, afgekort PTD(JP) en PTD(SP). Alternatiewelik kan vir die *Secondary Teachers' Diploma, (STD)* wat ook oor drie jaar strek, ingeskryf word.

#### 4.4.3.5 Leerders

Die aanduiding van die aantal onderwysstudente verbonde aan onderwyskolleges deur middel van een finale syfer is problematies aangesien die benaminge van verskillende kategorieë studierigtings van departement tot departement verskil. Tog word vervolgens gepoog om 'n tendens oor vyf jaar aan te dui. In alle gevalle is dit 'n groot totaal vir alle studente, maar waar 'n syfer tussen hakies gegee word, dui dit die aantal studente, wat nie afstandsonderrig of deeltydse kursusse volg nie, aan. Die syfer tussen hakies is dus die getal betrokke by voltydse kontakonderrig. Inligting aangaande getalle leerders aan

onderwyskolleges, verbonde aan die onderskeie onderwysdepartemente is nie geredelik in literatuur beskikbaar nie. Die NASOP-tabelle van die Departement van Nasionale Opvoeding dui wel die getal voltydse-ekwivalente onderwysstudente aan, maar dit sluit studente aan universiteite in. Vir die mees resente getalle leerders aan onderwyskolleges is die verlangde inligting telefonies (of per faksmasjien) van die onderskeie onderwysdepartemente verkry, soos dit telkens aangedui sal word.

**TABEL 4.1**

**Getalle leerders verbonde aan onderwyskolleges onder beheer van die Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Volksraad (Heese, 1993). (Getalle tussen hakies sluit afstandsonderrig en na-uurse kursusse uit.)**

		1989	1990	1991	1992	1993
DOK(V):	TOD	7870 (5047)	7349 (4471)	5181 (2274)	6969 (3578)	8351 (2956)
	OVS	433	344	336	325	229
	NOD	1392 (876)	1362 (862)	1410 (811)	1619 (877)	2089 (944)
	KOD	1399 (1056)	1110 (871)	1056 (845)	982 (883)	1032 (1014)

**TABEL 4.2**

Getalle leerders verbonde aan onderwyskolleges onder beheer van die Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Raad van Verteenwoordigers (Kennedy, 1993). (Getalle tussen hakies sluit afstandsonderrig en na-uurse kursusse uit.)

	1989	1990	1991	1992	1993
DOK(RV)	8914 (6267)	7776 (5345)	6920 (5159)	7570 (4803)	7248 (4859)

**TABEL 4.3**

Getalle leerders verbonde aan onderwyskolleges onder beheer van die Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Raad van Afgevaardigdes (Moodley, 1993). (Getalle tussen hakies sluit afstandsonderrig en na-uurse kursusse uit.)

	1989	1990	1991	1992	1993
DOK(RA)	734 (455)	1379 (520)	1744 (678)	2291 (866)	2484 (869)

**TABEL 4.4**

Getalle leerders verbonde aan onderwyskolleges onder beheer van die Departement van Onderwys en Opleiding (Conradie, 1993)

	1989	1990	1991	1992	1993
DOO	9314	9393	9657	9423	-

**TABEL 4.5**

**Groototaal van alle leerders verbonde aan onderwyskolleges in die Republiek van Suid-Afrika**

	1989	1990	1991	1992	1993
TOTAAL	29946	28613	26304	29179	-

Uit die tabelle blyk dit dat die getal leerders betrokke by voltydse kontakonderrig, soos weerspieël in die syfers tussen hakies, redelik konstant gebly het oor die vyfjaar termyn. Daarteenoor het die aantal leerders wat ingeskryf het vir na-uurse kursusse of wat van afstandsonderrig gebruik maak, 'n aansienlike styging getoon.

**4.4.3.6 Onderriggewers**

Die getal onderriggewers by onderwyskolleges verbonde aan die verskillende departemente van onderwys kan redelik betroubaar uit statistiek van die Departement van Nasionale Opvoeding verkry word. Die betrokke tabelle sluit nie soos in die geval van leerders, ook getalle onderwysstudente aan universiteite in nie (RSA, 1993d:25).

**TABEL 4.6**

**Getal onderriggewers verbonde aan instansies vir onderwysersopleiding in Suid-Afrika per bevolkingsgroep en in die TBVC-lande (RSA, 1993d:25)**

<b>GROEP</b>	<b>GETAL</b>
Blankes	2 867
Indiërs	286
Kleurlinge	940
Swartes	4 777
<b>TOTAAL VIR RSA</b>	<b>8 870</b>
Selfregerende gebiede	3 463
Res van die RSA	1 314
TBVC-state	2 128

Uit tabel 4.6 kan afgelei word dat daar altesaam 15775 onderriggewers aan instansies vir onderwysersopleiding in Suid-Afrika verbonde is.

#### **4.4.3.7 Onderrigmedium**

Afgesien van die vier Afrikaanse onderwyskolleges onder beheer van die Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Volksraad, naamlik dié te Bloemfontein, Potchefstroom, Pretoria en Paarl (Boland) is die onderrigmedium by alle onderwyskollege óf tweetalig óf Engels.

#### **4.4.3.8 Fisiese fasiliteite**

Hierdie aspek sal in die empiriese ondersoek volledig ondersoek word, omdat respondente gevra sal word om die toestand van fisiese fasiliteite by die onderskeie onderwyskolleges te beoordeel.

#### 4.4.4 Ondersteuningsdienste aan onderwyskolleges

Ondersteuningsdienste wat by onderwyskolleges aangetref word, word hoofsaaklik deur die verskillende onderwysdepartemente voorsien. Die twee hoofsoorte ondersteuningsdienste wat in hoofstuk twee beskryf is (vergelyk paragraaf 2.4.2.5) word ook ten opsigte van onderwyskolleges aangetref, naamlik:

- \* Ondersteuningsdienste aan die leerders (studente)  
Hieronder word die volgende soorte ondersteuningsdienste onderskei:
  - Onderwysmediadiens. Biblioteke aan onderwyskolleges word deur die onderskeie onderwysdepartemente bevoorrad en instand gehou. Daarbenewens beskik sommige onderwyskolleges (vergelyk paragraaf 5.3.3 - response op afdeling c van vraelys) oor 'n afdeling waar media self deur studente vervaardig kan word. Die nodige apparaat vir mediaproduksie word aan studente voorsien. Op hierdie wyse verkry studente die nodige hulp en leiding in die produksie van media - aktuele kennis en vaardighede wat nuttig in die praktyk toegepas kan word.
  - Studentevoorligtingsdiens. Word weereens slegs by sommige onderwyskolleges aangetref (vergelyk paragraaf 5.4), en is daarop ingestel om studente met leerprobleme by te staan in terme van studiemetodes. 'n Sielkundige voorligtingsdiens word ook in sommige gevalle gelewer waar psigoterapeutiese hulp verleen word.
  - Huisvestingsdiens. Waar dit voorkom word dit deur die staat (onderwysdepartement) voorsien.
  - Sport- en rekreasiefasiliteite. Het nie direk met die onderrig-leersituasie te make nie, maar is belangrik vir die opvoedkundige welsyn van studente en kan dus, om daardie rede ook as 'n ondersteuningsdiens beskou word.
  
- \* Ondersteuningsdiens aan die onderriggewers (dosente)  
Hieronder word die volgende soorte ondersteuningsdienste onderskei:

- Onderwysmediadiens. Professionele media-adviseurs is tot beskikking van dosente vir hulp en ondersteuning in verband met die inskakeling van die biblioteek en onderwysmedia in daaglikse onderrigpraktyk.
- Vakadviesdienste. Hoewel hierdie ondersteuningsdiens hoofsaaklik op die onderwysers in skole ingestel is, kan advies in verband met die nuutste benaderings in bepaalde vakke ook aan dosente by onderwyskolleges verleen word.
- Studentewerwingsdiens. Word slegs by sommige onderwyskolleges (vergelyk paragraaf 5.4) aangetref.
- Navorsingsdiens. Word eweneens slegs by party onderwyskolleges aangetref. In die geval van een van die respondente (Van Rooyen, 1994) publiseer die onderwyskollege jaarliks 'n eie navorsingstydskrif, waarin artikels van belang vir primêre onderwys verskyn. Alle onderwysdepartemente beskik oor 'n navorsingsafdeling of -buro, en is tot beskikking van onderwyskollege-dosente onder beheer van daardie onderwysdepartement.

#### **4.4.5 Samevatting - huidige stand van onderwyskolleges**

Uit die beskrywing van die huidige stand van onderwyskolleges aan die hand van die onderwysstelselbeleid (vergelyk paragraaf 4.4.1), onderwysstelseladministrasie (vergelyk paragraaf 4.4.2), onderwyskundige struktuur (vergelyk paragraaf 4.4.3) en ondersteuningsdienste (vergelyk paragraaf 4.4.4) blyk 'n aantal positiewe en negatiewe fasette wat, in die terme van paragraaf 2.4.1.5 as sterk en swak punte beskou kan word. Dit kan soos volg saamgevat word:

##### **4.4.5.1 Sterk punte**

Die deeglikheid en omvang van die RGN-ondersoek na Onderwysvoorsiening in die RSA, wat in Julie 1981 reeds voltrek is (RSA, 1981a), blyk daaruit dat vele van die beginsels wat daarin gestel is, steeds as uitgangspunte vir 'n nuwe onderwysbedeling aanvaar word (RSA, 1992a; vergelyk ook paragraaf 4.4.1). Genoemde ondersoek

kan dus as 'n sterk punt, wat tot die bestendiging van die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel gelei het, gestel word.

Hoewel redelike kritiek teen die gesamentlike beheer van onderwyskolleges, deur onderwysdepartemente sowel as universiteite, ingebring kan word (vergelyk paragrafe 4.4.2 en 4.4.5.2), het enkele positiewe elemente egter ook daaruit voortgevloei, naamlik:

- Omdat skole ook deur die onderwysdepartemente beheer word, kan belangrike komponente van die onderwysstudent se praktiese opleiding aan skole geskied. Vakadviseurs en ander kundiges is tot die beskikking van dosente aan onderwyskolleges. (Vergelyk paragraaf 4.4.4.)
- Nieu samewerking met 'n universiteit in die bestuur van 'n onderwyskollege (vergelyk paragraaf 4.4.2) hou bepaalde voordele vir die onderwyskollege in. In vergelyking met volkome beheer deur die staat (onderwysdepartement) geniet die onderwyskollege meer outonomieit. Akademiese standaard word ook verseker aangesien die betrokke universiteit direkte inspraak daarin het. Sodanige samewerking lei ook tot statusverhoging vir die onderwyskollege. (Vergelyk paragraaf 4.4.2.)
- Die gedifferensieerde opleiding ten opsigte van die professionele en akademiese toerusting van die student, met die relevant praktykimplémentering, was en is steeds 'n fokus van die onderwyskollege en kan as 'n sterk punt waarop verder uitgebou kan word, aangetoon word.
- Alle ondersteuningsdienste (vergelyk paragraaf 4.4.4) kan as sterk punte gesien word, aangesien die uitsluitlike doel daarmee juis die bevordering van 'n optimale leereffek by die onderwysstudent is.

#### **4.4.5.2 Swak punte**

Op grond van die onduidelike definiëring van die term "hoër onderwys" in die Suid-Afrika Wet van 1910 (vergelyk paragraaf 4.4), is

onderwysersopleiding in 'n hoë mate gefragmenteer. (Vergelyk paragraaf 4.4.2.)

Die beleid waarvolgens daar vir elke bevolkingsgroep 'n eie onderwysdepartement geskep is (vergeelyk paragrawe 4.4, 4.4.1 en 4.4.3.1), het tot die verdere fragmentering van onderwysersopleiding gelei. Dat onderwyskolleges ook beperk was tot studente slegs uit die "eie" bevolkingsgroep, kan as 'n verdere negatiewe element beskou word maar sal ook gedurende die empiriese ondersoek aan die menings van kundiges onderwerp word. (Vergelyk hoofstuk 5.)

In die geval van die Departemente van Onderwys en Kultuur, Administrasies: Raad van Afgevaardigdes en Raad van Verteenwoordigers, was die beheer oor onderwyskolleges gekenmerk deur burokrasie deurdat dit nie tot op provinsiale vlak gedentraliseer was nie.

Uiteenlopende benamings in die verskillende onderwysdepartemente vir oënskynlik gelykwaardige kwalifikasies lei tot verwarring.

## **4.5 DETERMINANTE VIR DIE TOEKOMSTIGE ONTWIKKELING VAN ONDERWYSKOLLEGES**

In hierdie paragraaf sal 'n kort ontleding van enkele eksterne determinante gegee word, wat die toekomstige ontwikkeling van onderwyskolleges in Suid-Afrika kan beïnvloed.

### **4.5.1 Inleiding**

In Suid-Afrika word tans hoë verwagtinge van die onderwys by beleidmakers sowel as onderhandelaars op onderwysgebied gekoester, maar veral by die gebruikers van die onderwys, naamlik die breë publiek op die sogenaamde grondvlak. Pendlebury (1992:4) verwys daarna as sogenaamde "*grand visions*", en is verder die mening toegedaan dat daar nie altyd genoegsame bronne is (*limited capacities*) om aan dié verwagtinge te voldoen nie.

Uiteenlopende standaarde dra verder by tot die problematiek. Party sektore van die onderwysstelsel kan met die beste in die wêreld vergelyk word terwyl ander weer kenmerke van 'n ontwakende derde wêreld vertoon (Anon., 1993b:2). Sodanige uiteenlopende standaarde word veral geïllustreer in die ongelyke finansiële toekennings uit die onderwysbegroting aan die verskillende onderwysgemeenskappe van die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel. Daar word beweer dat 32% van die onderwysbegroting aan blanke leerlinge spandeer word, alhoewel hulle slegs 10% van die totale skoolinskrywings uitmaak en dat die *per capita* besteding in swart onderwys R1194 beloop, in vergelyking met die blanke sektor waar dit tot R4000 kan oorskry (Hartshorne, 1992:5).

Hoewel bogenoemde syfers somtyds aangewend word ter staving van die argument dat daar op onderwysgebied teen bepaalde sektore van die Suid-Afrikaanse onderwysgemeenskap gediskrimineer is (*Ibid.*; Pillay, 1991:98; Unterhalter et al., 1991:x), kan sodanige oneweredige verspreiding van fondse ook toegeskryf word aan verskille in standaarde. Standaard kan onder andere gemeet word aan die kwalifikasies van die onderriggewers en die proporsionele getal leerlinge in die sekondêre skool in vergelyking met die totale aantal skoolbywoners in die stelsel. Onderwyser-salarisse word bepaal deur kwalifikasies en maak 75% van die begroting van die Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Volksraad uit (Niebuhr, 1992b:4). Daarbenewens word by die Departement van Onderwys en Opleiding 'n laer retensie van skoolgaande jeug ondervind, wat aanleiding gee tot 'n veel kleiner getal in die skoolbevolking van die sekondêre skool in vergelyking met die ander onderwysdepartemente. Beide die genoemde faktore lei, buiten politieke oorwegings, tot oneweredige *per capita* besteding aan onderwys.

#### **4.5.2 Ekonomie**

In Suid-Afrika is in 1990 in totaal R22600 miljoen aan onderwys spandeer. Die bedrag bestaan uit R17500 miljoen wat deur die staat en R5000 miljoen deur die privaatsektor bestee is (Donaldson, 1992:298). Die bedrag van R22600 miljoen verteenwoordig nege persent van die bruto nasionale produk, en die staat se gedeelte verteenwoordig 23,6%

van die totale staatsbegroting. Onderwysersopleiding het R560 miljoen of 3,4% daarvan ontvang (*Ibid.*). Alhoewel daar uit sommige oorde die kritiek is dat die Suid-Afrikaanse ekonomie rasgebaseerde kapitalisme of selfs etniese sosialisme verteenwoordig (Hofmyer & Buckland, 1992:32), word algemeen aanvaar dat daar gepoog word om in Suid-Afrika 'n gemengde ekonomie (*mixed economy*) te bewerkstellig. Sunter (1987) gaan sover as om die onvermoë van die Suid-Afrikaanse ekonomie om te groei, voor die deur van die onderwysstelsel te lê deurdat daar na sy mening nie genoeg mense toegegerus vir hoëvlaktegnologie, uit die onderwys tree nie.

Wat finansiering betref, verkeer onderwyskolleges in 'n onbenydenswaardige posisie in vergelyking met ander instansies in die tersiêre onderwyssektor.

- \* Aan die een kant word slegs 3,4% van die totale tersiêre onderwysbegroting aan onderwysersopleiding afgestaan, wat baie minder is as die 5-15% in ander ontwikkelende lande (NEPI, 1992b:8).
- \* Aan die ander kant lewer universiteite en teknikons onder andere ook arbeidskrag aan werkgewers in die privaatsektor. Om daardie rede kan fondswerwing deur genoemde twee instansies by betrokke werkgewersinstansies geskied. Dit geld nie vir onderwyskolleges nie. Die gebruikers van onderwyskollege=opleiding word na afstudering, byna uitsluitlik deur die staat in diens geneem. Indien die staat hulle opleiding dus nie finansier nie, sal onderwyskollegestudente studiekostes uit eie bronne moet delg. Staatsonderhouding van só 'n aard, gee tot enkele verdere faktore aanleiding:
  - Belastingbetalers voel dat hulle die reg het om kritiek op die onderwys uit te spreek omdat hulle self produkte van die stelsel is; tweedens omdat hulle die belasting betaal waardeur onderwys voorsien word en onderwysersopleiding by implikasie ook moontlik gemaak word, en derdens omdat

hulle in baie gevalle verbruikers van die onderwys is deurdat hulle kinders het wat skoolgaan.

- Vanweë staatsfinansiering die staatshuishouding verantwoordelikheid om streng kontrole oor alle werksaamhede van onderwyskolleges uit te oefen, ten einde doeltreffende en ekonomiese aanwending van toegewysde fondse te verseker.
- Dit lei tot erg gesentraliseerde en burokratiese bestuurstelsels met 'n bewese negatiewe en smorende impak op kreatiwiteit en inisiatief van werknemers (Dippenaar, 1983:10,19,20; RSA, 1992a:20). In die onderhawige geval is die werknemers onderwyskundiges wat voel dat sodanige voorskriftelike bestuurstyl, outonomie inperk en professionaliteit onder verdenking plaas (Hofmyer & Buckland, 1992:27; Sergiovanni & Starratt, 1979:59).
- Die feit dat die staat, buiten die studente self, die enigste bron van finansiering van onderwyskolleges is, maak dat onderwyskollege-opleiding in vergelyking met ander tersiêre onderwyssektore, vir die staat duur is. Bunting (aangehaal deur Le Roux, 1993:1) 'beskuldig' onderwyskolleges daarvan dat hulle 17% van die land se tersiêre onderwysbegroting in beslag neem, terwyl slegs 12% van die tersiêre studente aldaar studeer, in vergelyking met 23% van die die land se studente wat aan teknikons studeer maar op slegs 14% van die tersiêre onderwysbegroting aanspraak maak. Hy voer ook aan dat dit die staat R14200 per jaar kos om een onderwyskollegestudent op te lei, in vergelyking met R9500 per student in die geesteswetenskappe aan 'n universiteit. Verder is die dosent-student-verhouding aan onderwyskolleges volgens hom tans 1 tot 10,6 teenoor die 1 tot 21 aan teknikons (*Ibid.*).

Die regering gee toe dat daar tans nog geen aanvaarde subsidieformule vir onderwyskolleges soos vir universiteite en teknikons bestaan nie (RSA, 1992a:97). Onderwysersopleiding word deur enige onderwysdepartement onderneem en befonds en dit kan tot duplisering en ongekoördineerde optrede lei (RSA, 1992a:96). Beide die regering (RSA, 1992a:7, 9) en die *National Education Co-ordinating Committee* (Pendlebury, 1992:3) is van mening dat daar tans in die onderwysstelsel agterstande voorkom wat tot oënskynlike wanbalanse lei, soos wat reeds in paragraaf 6.1 aangedui is. Dit word naamlik beweer dat 32% van die onderwysbegroting aan blanke leerlinge bestee word, alhoewel hulle slegs 10% van die totale skoolinskrywings uitmaak en dat die per kapita besteding in swart onderwys R1194 beloop, in vergelyking met die blanke sektor waar dit tot R4000 kan oorskry (Hartshorne, 1992:5). Relatief beter personeelkwalifikasies in sommige onderwysdepartemente dra by tot sodanige oneweredige toewysing van fondse: "Better-qualified, and experienced people, who command higher salaries, tend to be employed in better-equipped places ..." (Donaldson, 1992:302).

Ernstige pogings word aangewend om gelyke leergeleenthede vir al die kliënte van die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel te verseker, maar vanweë die stygende inflasiekoers met gepaardgaande toename in die onderwysbegroting, asook die groei in leerdergetalle, verteenwoordig die nominale groei van 119% in onderwysbesteding egter in reële terme 'n daling (RSA, 1992a:7). 'n Bepaalde sektor van die land se onderwyskritici (Hartshorne, 1992:5; Pillay, 1991:98; Unterhalter *et al.*, 1991:x) verwys na sodanige regstellende aksies as *redress*, wat in sommige kringe as sinoniem met *affirmative action* soos in Amerika toegepas, gesien word. Daarvolgens sou verdeling van beskikbare bronne nie op 'n eweredige grondslag en volgens kriteria soos kwalifikasies plaasvind nie maar moet bepaalde groepe, naamlik dié wat in die verlede benadeel was, bo ander bevoordeel word. Pendlebury (1992:4) waarsku dat grootskaalse vernuwings op die makrovlak dikwels onrealistiese verwagtinge by ontwikkelende gemeenskappe skep indien laasgenoemde nie toegerus word om die veranderinge doeltreffend te bestuur nie. "There are grand visions for change, but there are also recognition of limited capacities." (*Ibid.*) Ontwikkeling van die hoedanighede en uitbreiding van die middele van diegene ter wille van

wie die verandering geïnisieer word, moet dus die nodige aandag ontvang.

### **4.5.3 Politiek**

Federalisme word toegepas in lande waar wesentliche verskille tussen kultuur- en bevolkingsgroepe só omvangryk is dat doeltreffende samewerking op byvoorbeeld die onderwysterrein nie haalbaar is nie. Van die lande wat by die onderhawige vergelykende studie betrek is, is Duitsland en Nigerië gepaste voorbeelde van federasies. (Vergelyk paragrawe 3.6 en 3.8.) Versigtigheid moet egter aan die dag gelê word wanneer die Suid-Afrikaanse omstandighede met lande soos Duitsland vergelyk word, aangesien daar 'n sterk gevestigde middelklas onder daardie bevolkings voorkom wat in Suid-Afrika ontbreek. Om daardie rede is die Suid-Afrikaanse bevolkingsamestelling en onderwys=omstandighede, met 'n groot derdewêreldkomponent, meer vergelykbaar met dié in Nigerië (Joubert, 1993).

Een of ander vorm van streeksbedeling blyk egter 'n waarskynlike opsie vir 'n nuwe Suid-Afrikaanse staatkundige bestel te wees, met een oorkoepelende nasionale onderwysdepartement soortgelyk aan die huidige Departement van Nasionale Opvoeding en met min of meer soortgelyke funksies (Van der Merwe, 1993:14). Die Suid-Afrikaanse politieke model sal waarskynlik 'n regionale bedeling wees, wat sterk gesentraliseerde kenmerke vertoon (Joubert, 1993).

### **4.5.4 Demografie**

Volgens die sensusverslag deur die Sentrale Statistiekdiens het daar op 7 Maart 1991 'n totaal van 37,6 miljoen mense in Suid-Afrika gewoon (wat die TBVC lande insluit). Dit gee 'n gemiddelde bevolkingsdigtheid van 32 mense per vierkante kilometer.

Hoewel 'n geringe meerderheid van die Suid-Afrikaanse bevolking in stedelike gebiede woonagtig is (vergelyk tabel 4.7), kom die meeste Suid-Afrikaanse onderwyskolleges op die platteland voor. Van die 106

onderwyskolleges wat tans binne die grense van Suid-Afrika bedryf word (wat die voormalige TBVC lande insluit), kom 65 in plattelandse gebiede voor (May, 1993). Dit kan toegeskryf word aan die feit dat die meerderheid swart mense in plattelandse gebiede woonagtig is, soos ook in onderstaande tabel gesien kan word.

**TABEL 4.7**

**Demografiese besonderhede van bevolkingsgroepe in Suid-Afrika (RSA(e), 1993b:27-29)**

GROEP	BLANKES	KLEURLINGE	ASIERS	SWARTES	TOTAAL
Getal (milj)	6,1288	3,9856	1,2023	26,2824	37,6000
Persentasie	16,3	10,6	3,2	69,9	100
% Onder 21	32,6	47,1	43,0	50,4	46,9
% Stedelik	91,1	83,2	96,2	42,7	56,6
% Plattelands	8,9	16,3	3,8	57,3	43,4

Hoewel aangedui word dat in totaal meer Suid-Afrikaners in stede as op die platteland woon, geld dit nie vir die swart bevolkingsgroepe nie, aangesien 57,3% van hulle in 1993 steeds in plattelandse gebiede gewoon het. Daar kan met sekerheid aanvaar word dat dit nie meer in 1994 so is nie. Sedert die promulgering van die Wet op Informele Dorpstigting van 1991 het daar 'n aansienlike invloed van swart mense na die stedelike gebiede plaasgevind; in só 'n mate dat 47 informele dorpe vir plakkers gedurende 1992 gestig is, en in 1993 om 36 informele dorpe aansoek gedoen is (RSA(e), 1993b:29). Só 'n verstedelingspatroon gaan gepaard met 'n groeiende behoefte aan onderwysvoorsiening. Gedurende 1992 alleen is dertien skole in informele vestigingsgebiede opgerig (RSA(e), 1993b:53).

Hoewel drastiese verstedeliking dus tans onder swart mense plaasvind, bestaan daar steeds 5621 plaasskole vir swart leerlinge (Graaff & Gordon, 1992:208). So veel as 76% van die primêre skole onder beheer

van die Departement van Onderwys en Opleiding was in 1992 plaasskole (*ibid.*). Die syfer kan selfs groter word indien kleiner plattelandse skole in die verafgeleë dele van die selfregerende gebiede ingesluit word. Daarbenewens beweer Le Roux (1993:3) dat daar in plattelandse dele van die land tot soveel as drie miljoen swart kinders mag wees wat tans nie skool bywoon nie. Dit illustreer die belangrike rol wat kleiner plattelandse onderwyskolleges in Suid-Afrika vervul. (Vergelyk paragraaf 6.3.3.1.)

In sommige verafgeleë gebiede is die onderwyskollege dikwels 'n instansie waarop die gemeenskap baie trots is. Volgens Siebörger & Kenyon (1992:159) keer jong onderwysers nie maklik terug na eenvoudige plattelandse gemeenskappe as hulle eers aan stedelike instansies gestudeer het nie. Dit is juis in sodanige gemeenskappe waar groot getalle kinders (tot drie miljoen) glad nie skoolgaan nie en waar gekwalifiseerde onderwysers ernstig benodig word (Le Roux, 1993:3).

Pippins (1991:64) is ook die mening toegedaan dat onderwyskolleges, indien die rol van 'n gemeenskapskollege aanvaar word, 'n uitsonderlik belangrike rol in verafgeleë plattelandse gemeenskappe kan vervul. Gemeenskapsopheffing kan deur middel van nieformele onderwysaksies bewerkstellig word.

#### **4.5.5 Samevatting - belangrike determinante in die huidige bestaan van onderwyskolleges**

Die drie determinante wat hierbo bespreek is, naamlik ekonomie (vergeelyk paragraaf 4.5.2), politiek (vergeelyk paragraaf 4.5.3) en demografie (vergeelyk paragraaf 4.5.4) kan as eksterne determinante (vergeelyk paragraaf 2.4.1.4) beskou word. Sekere elemente daaruit kan egter as geleenthede en ander as bedreigings (vergeelyk paragraaf 2.4.1.5) uitgelig word.

#### **4.5.5.1 Geleenthede**

Die hoë verwagtings wat tans in die samelewing ten opsigte van die onderwys heers (vergelyk paragraaf 4.5.1), kan benut word, ten einde dit te omskep (te eksploiteer) in positiewe gesindhede teenoor die onderwys.

Indien die streeksbedeling as staatkundige opsie verder gevestig word (vergelyk paragraaf 4.5.3), kan die desentralisasie van die onderwys, wat daaruit voortvloei, tot voordeel vir die onderwys strek.

Die voorkoms van meer plattelandse onderwyskolleges as dié in stede (vergelyk paragraaf 4.5.4), stem ooreen met die verspreiding van die swart bevolking, naamlik in meerderheid op die platteland (vergelyk tabel 4.7 in paragraaf 4.5.4). Dit kan as regverdiging vir die bestaan van plattelandse onderwyskolleges gesien word, wat as geleentheid benut kan word om moontlikhede vir onderwysersopleiding nader aan die bevolking te bring. Verder kan dit as geleentheid benut word om ongeletterdheid in verafgeleë plattelandse gemeenskappe te verlig.

#### **4.5.5.2 Bedreigings**

Staatsfinansiering van onderwyskolleges kan lei tot burokratiese reëlings op grond van die alleenseggenkap wat in sulke omstandighede kan heers (vergelyk paragraaf 4.5.2).

Indien 'n hoë inflasiekoers heers, kan 'n nominale styging in onderwysfinansiering (vergelyk paragraaf 4.5.2) in reële terme 'n daling word.

Indien regstellende aksies in die onderwys onrealistiese afmetings aanneem, deurdat meriete nie meer in aanmerking geneem word nie, en die potensiaal van dié wat aangestel word nie ontwikkel word nie (vergelyk paragraaf 4.5.2) kan aanstellings in bevorderingsposte tot frustrasie by ondergeskiktes lei.

Kundiges, ten opsigte van die plek en taak van die onderwyskollege in die onderwysstelsel, behoort insiggewende menings in verband met bogenoemde sake te huldig. Daarom sal dit ook in die empiriese ondersoek (vergelyk hoofstuk 5) ingesluit word.

#### **4.6 SAMEVATTING**

In hierdie hoofstuk is die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel as nasionale onderwysstelsel aan die hand van die komponente van 'n onderwysstelsel beskryf. Vervolgens is 'n historiese oorsig van die ontwikkeling van onderwyskolleges in Suid-Afrika gegee. Daarna is die stand van onderwyskolleges in Suid-Afrika, ook aan die hand van die komponente van 'n onderwysstelsel, volledig beskryf. Laastens is enkele resente en aktuele determinante, wat die toekomstige ontwikkeling van onderwyskolleges in Suid-Afrika mag beïnvloed, bespreek.

Vervolgens sal die empiriese ondersoek in hoofstuk vyf uiteengesit word.